

# SE NAAM?

HIERDIE INLIGTING (WERKSTUK) IS GEBASEER OP PROFESSOR HANNES REDELINGHUY'S SE NUWE BOEK: "WAT IS JOU GOD SE NAAM?"(היה')

GEESTELIKE KORRUPTHEID WAT DEUR EEU SE BYBELVERTALINGS, VERANDERDE TEKSTE EN MANUSKRIPTE VEROORSAAK WAS, WORD IN HIERDIE DOKUMENT VAN ALLE WAARHEID ONTBLOOT.

HIERDIE INLIGTING IS VIR ELKE PERSOON WIE NIÉ LANGER BEREID IS OM SOOS NÍ GEESTELIKE BLINDE, VERDER DEUR KERKLIKE DOGMATIEK VERBLIND TE WORD NIE, MAAR EERDER OM BY DIÉ GEOPENBAARDE WOORD VAN GOD (ELOHIM), UIT TE KOM!

SONDER TWYFEL LEEF ONS IN HIERDIE 21ste EEU VERSEKER IN "DIE TYD VAN DIE GROOT LEUEN," MAAR TERSELDERTYD IS YAHSHUA (JESUS); BESIG OM SY BRUID GEREED TE KRY, VIR SY WEDERKOM!

DIE VRAAG IS: WIL U BRUID WEES, OF GAAN U AGTER BLY?

HIERDIE DOKUMENT GAAN VERSEKER SEKERE GODSDIENSTIGE IKONE WAT VIR EEU AS DIÉ WAARHEID BEKEND WAS, ONTBLOOT VAN ALLE WAARHEID!

EK NOOI U OM HIERDIE DOKUMENT BIDDEND TE BESTUDEER.

Die Skrywer.

Professor Hannes Redelinghuys (Ph.D.).(Eskat.).

DIE EINDTYD BEDIENING (Pretoria).

Sel. No: 083 540 8352

E-pos: [drhannesr@gmail.com](mailto:drhannesr@gmail.com)

## WAT IS JOU GOD SE NAAM?

Hierdie dokument bestaan uit aanhalings uit die boek: "WAT IS JOU GOD SE NAAM?" Wat nagevors en geskryf is deur Professor Hannes Redelinghuys (Ph.D.).(Eskat.)

Hierdie boek vra aan u net 'n eerlike reguit vraag, wat enige Christenmens sekerlik onmiddellik sal kan antwoord, sonder om twee keer te dink. **“WAT IS JOU GOD SE NAAM?”**

Sou hierdie selfde vraag aan meeste ander wêreldgodsdienste gevra word, sou meeste van hulle onmiddellik vir u, hul god se naam kon gee, want hulle word van kindsbeen af geleer wat hierdie god's naam is.

Vir die Buddiste is dit sekerlik “Budda.” Vir die Hindoes bestaan daar meer as 3000 verskillende gode, maar elkeen van hierdie gode het 'n EIENAAM waaraan hy/sy geken word, soos byvoorbeeld “Ganesh” (vroulike god) of “Mahadev” (manlike god), en vir die Islam geloof is “Alla,” hulle God. Nou weer dieselfde vraag aan u: **“WAT IS U GOD SE NAAM?”** Meeste Christenmense sal onmiddellik antwoord GOD! Die woord God beteken eenvoudig nét: **“voorwerp van aanbidding,”** en is nét 'n titel soos Mr. Mev. Dr., ensovoorts. Die woord God is NIE 'n eienaam nie, want daar bestaan in hierdie 21ste eeu duisende gode wêreldwyd, elkeen met sy/haar eienaam.

Wanneer aan meeste Christenmense gevra word wat is God se Naam, antwoord hulle onmiddellik God (Elohim), omdat ons vir eeue in kerke gesit het, en nooit was DIE OORSPRONKLIKE ANTIEKE HEBREËRSE GODDELIKE NAME van God (Elohim), Here, Jesus, Christus en die Heilige Gees vir ons geleer nie, maar ons as Christene was altyd nét tevrede met die name, wat DIE GRIEKE en die ROOMS-KATOLIEKE KERK geskep het, sonder dat enige persoon óit probeer uitvind het, hoe hierdie genoemde name (of titels) werklik ontstaan het, en wat hulle oorsprong en betekenis werklik is nie. Meeste van hierdie afgode name en titels het in die 16de eeu in meeste van ons Protestante Bybels op geëindig, en deur die eeue het meeste Christenmense van geslag tot geslag, deurmiddel van verskillende Bybelvertalings (wat deur die Rooms-Katolieke kerk) beheer was, Ge aanvaar dat wat in ons Protestante Bybels geskryf staan, dié Goddelike Waarheid is.

My doel met hierdie boek is nié om onnodig geskille tussen mense en kerke te veroorsaak nie, maar omdat ons in dié Eindtyd leef, is Jesus (YAHSHUA), in hierdie 21ste eeu besig om Sy Bruid bymekaar te kry vir Sy verskyning.

Wat u in hierdie dokument gaan lees is GEEN kerklike dogmatiek of sienswyse nie, maar staan inwerklikheid reeds vir bykans 4000 jaar in Die Oorspronklike Woord van God (Elohim), naamlik die Tora. Wat wel gebeur het, is dat die Rooms-Katolieke kerk in 34 n.C. deur die Romeinse Ryk gestig was, wat deur eeue heen haar afgode godsdienste deur middel van geweld en vervolging (die donker eeue se geskiedenis), op eerlike opregte kinders van God (Elohim), af geforseer het.

Omdat ons in hierdie 21ste eeu in die tyd van DIE GROOT LEUEN leef (as gevolg van die magdom inligting op die internet), is dit uiters noodsaaklik dat ALLES wat in hierdie spesifieke boek genoem word, goed nagevorsde feite is omdat dié inligting in hierdie boek gaan veroorsaak, dat geslagte mense hierna se hele perspektief oor DIE WOORD VAN GOD (ELOHIM), geheel en al mag verander.

Terwyl ek as skrywer, so sit en dink, gaan my gedagte terug na hoe dié Christelike Godsdienste wêreld, in my eie leeftyd van 62 jaar verander het. As ek nét hieroor mag skryf, is ek verseker dat dit moontlik is om nog 'n dik boek te kan skryf. Wat nou belangrik is, is die feit dat ons tans, in 2015; soveel godsdienstige veranderings

ervaar het, dat mens selfs dié egtheid van dié Woord van God (Elohim), naamlik ons eie 1933 Afrikaanse Bybel, begin bevraagteken het.

Om te verseker dat u, as leser, weet dat ek as skrywer, opgewasse is om hierdie sensitiewe onderwerp in diepte te ondersoek en te bespreek, wil ek u net kortliks inlig. Sonder dat dit klink asof ek myself wil bemark, gaan ek net gou met u die volgende inligting deel.

Ek is reeds meer as 40 jaar besig met studies en navorsing in die vakgebied van die Eskatologie, en verwante studies. Ek is ook die skrywer van vele Eskatologiese eindtyd boeke soos: Die Twee Sleutels Tot Die Boek Openbaring. Is Dit Armageddon. Vasgevang In Die Antichris Sisteem. Die Vrou Met Die Goue Beker In Haar Hand. Babilon. Waarom 'n Vierde Afrikaanse Bybelvertaling? The Two Keys To The Book Of Revelation. Israels Rapture. The Lies Of The Church. Die Mens, Siel, Gees En Liggaam, Die Dood, Graf, Doderyk, Hel Of Hemel, What Is Your God's Name? en vele meer. Ek is ook die stigter van die "Eskatologiese Eindtyd Elektroniese Bybelskool." Ek preek reeds vir meer as vyf jaar op televisie, en preek en leer reeds vir meer as 18 jaar in Suid-Afrika, by verskeie konferensies, seminare en gemeentes, met verwysing tot dié Eindtyd en die Eskatologie. Die laaste 6 jaar is ek reeds besig met navorsing vir my 2de Doktorale graad, om my Professorskap te voltooi. Dié onderwerp vir hierdie Doktorale Graad is: "Bible Translation and Escathology," wat te make het met Bybelvertalings, Bybelmanuskripte, Tekste en vele meer.

Die rede waarom ek vir u al hierdie inligting gegee het, is dat u as lesers verseker kan weet, dat ek opgewasse en gekwalifiseerd is om alles wat ons in hierdie boek gaan bespreek, in sy geheel te kan hanteer.

Tydens die lees van hierdie boek mag dit gebeur dat ek dalk 'n "Engelse" woord, in 'n sin of paragraaf mag aanhaal. Dit is nié omdat ek nié die regte Afrikaanse woord of sin ken nie, maar ek gebruik die "Engels" om te verseker dat die onderwerp wat ons bespreek, volgens dié oorspronklike verwysing in dieselfde taal aangehaal word, sodat u dié volle impak van dié stelling kan ervaar. Ek is verseker ook lief vir ons mooi taal, en sal dit nié skade wil aandoen nie.

Reeds by die begin van hierdie boek moet ek u waarsku, dat die inhoud van hierdie boek nié vir gewone kerkmense bedoel is nie. Meeste gewone kerkmense is maar net gewoon om Sondag, na Sondag, na afgewaterde preke te luister, net om in sy/haar gemoed en gehoor gestreel te word, wetend dat hulle ten minste, Sondagoggend in die kerk was. Die Woord van God (Elohim), verwys na dit:

*"As 'n gedaante van godsaligheid, waarvan die KRAG verlore gegaan het." 2 Timótheüs 3 vers 5.*

Terwyl u hierdie boek lees, is dít belangrik dat u nét sal lees wat in dié Woord van God (Elohim), geskryf staan.

Deur die eeue heen het die meerderheid van ons Christelike mens verleer, om "self" te lees wat in die Woord van God (Elohim), geskryf staan, maar eerder verkies om blindelings agter hul Predikante, Priesters en Pastore aan te loop, sonder om self dié Woord van God (Elohim), te ondersoek en dié waarhede hierin te ontdek. Die doel van hierdie boek is om elke leser te kry om selfondersoek toe te pas, sodat u tot dié Geopenbaarde Woord van God (Elohim), mag kom. Die doel is juis, om by Dié Oorspronklike Antieke Hebreeuse Geopenbaarde Name van God (Elohim), ons Vader, Jesus Christus en die Heilige Gees uit te kom.

My tweede vraag aan u is, waarom aanbid u God (Elohim), ons Vader, as “GOD? Wat sê u? Weet u, hoe dié Naam GOD (ELOHIM), Here, ens. ontstaan het? Stel u werklik belang om te weet, of is u ook nét tevrede om die res van u lewe, “onkundig” deur die lewe te gaan terwyl ander om u, hierdie Goddelike vreugde ervaar omdat hulle by Dié Geopenbaarde Name van God (Elohim), Jesus Christus en die Heilige Gees uitgekom het?

Met die lees van hierdie boek, gaan u heelwaarskynlik in u wese geskok word, terwyl u gaan beseef hoe dié satan dít reggekry het, om deur verskillende Bybelvertalings, dié Goddelike Oorspronklike Hebreeuse Name van God (Elohim), Jesus Christus en die Heilige Gees verander te kry. Soveel so, dat self Christenmense in hierdie 21ste eeu dink óns is kranksinnig, wanneer ons in dié Oorspronklike Hebreeuse Goddelike Geopenbaarde Name van God (Elohim), Jesus Christus en die Heilige Gees bid, terwyl dit vir eeue dié enigste manier was, hoe die Apostels van Jesus Christus (YAHSHUA), gebid het.

Die satan het deur verskillende Bybelvertalings dít reggekry, dat sekere afgode en Babiloniese name in ons eie Afrikaanse Bybels in vertaal is, en daarom glo meeste Bybellesers dat dít wat hulle lees die regte name is, terwyl dít in werklikheid afgode name is. In hierdie lewe is niks meer belangriker as u “eie naam” nie. U eie naam identifiseer u as ’n individu, en as ’n spesiale persoon. U naam gee identiteit aan u, en het ’n spesiale betekenis, wat niemand die reg gee, OM DIT TE VERANDER NIE!

In hierdie studie gaan u ervaar, hoe die satan deur naamsveranderinge dít reggekry het, dat opregte Christenmense vandag, 2015; nié eers regtig weet wat hul God (Elohim), se Naam is nie!

Wat verstommend is, is die feit dat die Woord van God (Elohim), verklaar:

*“Julle bid en ontvang nie, om dat julle verkeerd bid.” Jakobus 4 vers 3.*

Kyk wat sê Handeling 4 vers 12:

*(Vers 12):“En die saligheid is in niemand anders nie, want daar is ook GEEN ANDER NAAM onder die hemel wat onder die mense(op die aarde) gegee is, waardeur ons gered moet word nie.”*

Die woord van God (Elohim), verklaar:

*“En julle sal deur almal gehaat word TER WILLE VAN MY NAAM. Maar wie volhard tot die einde toe, hy (sy) sal gered word.” Mattheüs 10 vers 22; Markus 13 vers 13 en Lukas 21 vers 17.*

Die Woord van God verklaar in Jesaja 52 vers 6:

*(Vers 6):“Daarom sal My volk (Israel en dié Bruid van Jesus Christus [YAHVAHSHUA]) MY NAAM leer ken; daarom sal hulle weet op dié dag, dat dit Ek is wat spreek: HIER IS EK!*

Ek is seker u is besig om agter te kom, dat God (Elohim), ons Vader (Elohim), deur Sy Woord, besig is om vir ons iets spesiaals te sê?

Later in hierdie studie gaan ek meer sê met verwysing tot hierdie, verskillende Name.

Ek glo dat u met die lees van hierdie Skrif verwysings gesien het, dat ek sekere woorde of verduidelikings in (HAKKIES) vir u aangebring het. Die rede hiervoor is, om dié spesifieke gedeelte nét makliker verstaanbaar te maak. Vele keer wanneer die Woord van God (Elohim), verwys na “hy of hulle,” weet die Bybelleser nie noodwendig wie ná verwys word nie. Al wat ek doen, is om in(HAKKIES) vir u te verduidelik, wie die “hy of hulle” is, wat net die verduideliking (verklaring) van die spesifieke Skrif verwysings, sal vergemaklik.

Weet verseker dat alles wat ek in hierdie boek doen is om dié Geopenbaarde Woord van God (Elohim), op ’n vereenvoudiger manier vir u te bring, sonder om akademies en dogmaties te klink. Die doel is dat u nét moet verstaan wat u lees. Sou dít gebeur dat ek na ’n volgende gedeelte van ons studie beweeg, en u voel onseker met betrekking tot dít wat ons bestudeer het, stel ek voor, dat u dan eerder teruggaan na die vorige hoofstuk, en dít weer lees, as wat u aan beweeg en u is nie seker nie.

Met dit wat gesê is, glo ek ons is gereed om met ons studie in diepte te begin. Ek wil u maan, sou dít gebeur dat u voel dat dít wat ons bespreek, nie met u kerklike dogmatiek en sienswyse ooreenstem nie, moet dan nie hierdie boek in die kas wegbêre nie, want dan sal u nooit weet of dít wat u glo, werklik dié Geopenbaarde Woord van God (Elohim), is nie.

Nadat u hierdie boek in sy geheel gelees het staan dit u vry, om dít met minagting te verwerp, of God (Elohim), ons Vader, te dank vir Sy Geopenbaarde Woord, wat Hy deur Sy Heilige Gees (RUACH ha KODESH) aan u geopenbaar het.

My gebed is dat dít wat in hierdie boek geskryf is, werklik in u gees sal ontkiem en dat u ook ’n lewende getuie vir God (Elohim), ons Vader, en Sy Koninkryk sal wees.

Amen!

## 1. DIÉ BYBEL WAT ALLES KOM VERANDER HET

Tydens die lees van die “Erkennings voor in die boek,” het u gesien dat ek na oom Thys Le Roux verwys het, wat sy persoonlike Bybel vir my as ’n geskenk gegee het omdat hy deur die Heilige Gees (RUACH ha KODESH), van God (Elohim), gelei gevoel het, dat dié tyd ryp was dat meer mense in hierdie 21ste eeu, tot dié Geopenbaarde kennis van dié Woord van God (Elohim), moet kom.

Vanaf 27 Februarie 2012 was ek en Rika besig met ’n petisie op internet, waar ons tot 31 Desember 2012’n miljoen mense genooi het, om my petisie te teken, wat my dan ’n “Mandaat” sou gee, om namens elke tekenaar teen die Suid-Afrikaanse Bybelgenootskap op te tree, met verwysing tot hierdie Nuwe Afrikaanse 2016 “New Age” Afrikaanse Bybelvertaling, waar hulle poog om dié Name van Jesus Christus in die Messiaanse Profesieë, met “klein letters” te skryf, verwysend na:

Jesaja 9 vers 5 wat lees:

*(Vers 5): “Want ’n Kind (Jesus Christus) is vir ons gebore, ’n Seun (Jesus Christus) is aan ons gegee; en die heerskappy is op Sy skouers, en Hy (Jesus Christus) word genoem: Wonderbaar, Raadsman, Sterke God (Elohim), Ewige Vader, Vredevors.”*

Elke keer wanneer u in hierdie Skrif verwysing 'n "Hoofletter" lees, word dít in hierdie 2016 Nuwe Afrikaanse (New Age) Bybelvertaling met "kleinletters" geskryf, wat dan beteken dat dít enige Agnostiese god kan verwys, en nié spesifiek na Jesus (YAHSHUA), verwys nie! Hierdie is maar net een van 9000 Skrifgedeeltes, wat verander word.

Tot op 31 Desember 2012 het 2,421,011 mense my petisie geteken, waarna ek op 31 Januarie 2013'n "Mandaat" aan die Suid-Afrikaanse Bybelgenootskap gestuur het met 16 eise, naamlik, bring ons 1933 Afrikaanse Bybel wat 26 jaar laas afsonderlik gedruk was terug, sodat elke Afrikaanse persoon self kan kies (of besluit) watter Afrikaanse Bybelvertaling hy/sy wil lees. Tot vandag, 2015; het die Bybelgenootskap van Suid- Afrika, hul nié gesteur aan hierdie (Petisie) versoekskrif nie. Op 9 April 2014; is die eerste gedeelte van hierdie nuwe Agnostiese "New Age" Afrikaanse Bybelvertaling naamlik, "*Die Nuwe Testament en Psalms*" vrygestel. Ek stel voor kry my boek: "*Waarom 'n vierde Afrikaanse Bybelvertaling?*" Hierin kan u al die nodige feite bekom.

Nadat ek en Rika oom Thys se "Oorspronklike Hebreëres Engelse Vertaling Bybel" naamlik: "THE RESTORATION OF THE ORIGINAL SACRED NAME BIBLE, THE ROTHERHAM VERSION" begin bestudeer het, het ons dag na dag besef dat ons in werklikheid nié Die Oorspronklike Name van God (Elohim), ons Vader, Jesus (YAHSHUA) en die Heilige Gees (RUACH ha KODESH) ken nie, en dít terwyl ons al die nodige akademiese agtergrond het. Na meer as 2 jaar het ons tot die besef gekom dat oom Thys nié sy eie Bybel toevallig vir ons gestuur het nie, maar dat God (Elohim), ons Vader, verseker 'n plan met ons gehad het, wat sou veroorsaak dat sekere geheime wat reeds vir eeue, in dié Christelike Godsdienst argiewe verskuil gelê het, in hierdie 21ste eeu geopenbaar gemaak sou moet word.

Wanneer ons oor hierdie Goddelike Openbarings gaan praat, is dit nié die eerste keer dat iemand oor hierdie Geopenbaarde Antieke Hebreuse Heilige Name van God (Elohim), ons Vader, Jesus (YAHSHUA), en die Heilige Gees (RUACH ha KODESH) praat nie. In die laaste 50 jaar het hierdie Goddelike Openbaring van Dié Oorspronklike Hebreëse Heilige Name van God (Elohim), ons Vader, Jesus Christus en die Heilige Gees, meer en meer na vore gekom in gesprekke tussen mense, van verskillende denominasies en kerklike sienswyses. Sommige mense het dít afgemaak as 'n mors van tyd, en iets wat met tyd sou verby gaan. Terwyl ander weer verseker was, dat dié Rooms-Katolieke kerk reeds vir eeue besig was, om "grootskaalse geestelike bedrog" te pleeg!

Omdat ek as 'n Eskatologiese Doktor, reeds vir meer as 40 jaar besig is met navorsing en studies in dié Eskatologie, waarvan dié betrokkenheid en die korruptheid van die Rooms-Katolieke kerk, en haar verwante agnostiese affiliale reeds van 34 n.C. besig is, het hierdie bedrog wat met die vertalings van dié Oorspronklike Antieke Hebreëse Name van God (Elohim), ons Vader, Jesus (YAHSHUA) en die Heilige Gees, (RUACH Ha KODESH) soos 'n geestelike legkaart vir my en Rika in plek geval. Met die lees van hierdie spesifieke boek gaan ek ook vir u sekere nagevorste geskiedkundige wêreld feite noem, en aan u verduidelik, wat verseker gaan veroorsaak dat u dít twee keer of meer sal lees, om te sien of u dít werklik reg gelees het. Soos in elkeen van my vorige 16 boeke, sal ek nié enige iets sê wat nié deur goed nagevorste feite, gestaaf, en Gé ondersteun word nie.

Met my navorsing het ek verskillende eerbare bronne ontdek wat as verwysing gebruik kan word. Tydens die lees van hierdie boek gaan ek meeste van die tyd van “oom Thys se Bybel” gebruik maak, omdat ék gevind het dat hierdie “Antieke Hebreeuse Engelse vertaling Bybel,” verseker een van die beste bronne is wat gebruik kan word, wanneer hierdie sensitiewe onderwerp, naamlik Dié Oorspronklike Antieke Hebreeuse Name van God (Elohim), ons Vader, Jesus (YAHSHUA) en die Heilige Gees (RUACH ha KODESH) bestudeer word.

My gedagtes flits terug na ongeveer 35 jaar gelede, toe ek as jong Pastoor mense in ons kerk, wie in Dié Naam van Jesus Christus geglo en gedoop het, volgens Handeling 2 vers 36 tot 41; skielik begin praat en leer het van Dié Hebreëse Naam Yahshua, in plaas van Jesus Christus, en Yahweh in plaas van God. My eerste reaksie daardie jare was, dat ons nié Hebreërs is nie, maar Afrikaans, en dat God my Vader, my nóóit verantwoordelik kan hou, omdat ek in dié Griekse Nuwe Testamentiese Name van Jesus Christus, God my Vader en die Heilige Gees glo nie! Soos wat hierdie studie gaan vorder, mag u dalk ook voel soos wat ek meer as 35 jaar gelede gevoel het, en dit is nié vreemd nie. Omdat die mens as wese, net nié maklik aanpas by veranderings is nie! Vernaamlik nie, wanneer dit by ons Protestante Godsdienste kom nie. Ek verwag nié dat u nou u Godsdienst moet verander nie, al wat ek van u verwag is om hierdie spesifieke boek (werkstuk) in sy geheel te lees en te bestudeer, en dan bly dit u reg om te besluit wie reg is, en wie is verkeerd.

Omdat oom Thys my bygestaan het in my aksie (Petisie) teen hierdie 2016 “New Age” Afrikaanse Bybelvertaling en die Suid-Afrikaanse Bybelgenootskap, het ek en hy bykans elke dag met mekaar telefonies gepraat, en inligting uitgeruil. Oom Thys het so in die loop van die gesprekke my van tyd tot tyd gevra, of ek “Dié Naam van God ons Vader” ken. Natuurlik, was my antwoord. Dit is mos Yahweh of Jehova, volgens dié Woord van God.

As ek u nou dieselfde vraag sou vra, wat gaan u antwoord wees? Sekerlik ook Jehova, Yahweh, God ons Vader, of selfs Here! Of ken u Hom by enige ander Naam? Hierdie vraag van oom Thys aan my, was dié begin van ’n totale geestelike omwenteling in my en Rika se lewens, omdat ek van kindsbeen af in ’n huis opgegroeï het, waar Jesus Christus, God ons Vader, en die Heilige Gees presies dieselfde Name gehad het, en waar ons geglo het dat dié enigste Skriftuurlike manier om gedoop te word, is volgens Handeling 2 vers 36 tot 41; Handeling 19 vers 1 tot 7; Galasiërs 3 vers 26 tot 29; en so kan ek aanhou om vir u al die volwasse doop skrifte aan te haal. Al my lewe was ek verseker, dat niks of niemand my ooit tot enige ander insigte volgens die Woord van God, sou oortuig nie, want ék het geglo volgens dié Woord van God, bestaan daar geen Skrifte, wat bestand is teen hierdie Goddelike leer van Jesus Christus nie! Totdat my lewenspad met dié van oom Thys gekruis het. Aand na aand, stukkies vir stukkies, maand na maand, het oom Thys my net genoeg Woord gegee, om te veroorsaak dat ek nié rustig kon gaan slaap nie. Somtyds het ek my regtig vir hom vervies, net dat hy later weer sal skakel of vir my inligting op ’n DVD of CD sou stuur, wat die rowe van onkunde, weer van my geestelike letsels sou afkrap. Omdat ek na jare en jare se studies en navorsing net nié kon glo, dat ék my lewe lank onwetend op ’n Rooms-Katolieke dwaalspoor gelei was nie, het dit veroorsaak dat daar ’n “vreemde soort weerstand” in my begin opbou. Wanneer oom Thys my geskakel het, het hy net keer op keer weer die geestelike mat onder my voete uitgeruk. Tot op ’n tydstip dat ek vir meer as twee weke, geweier het om met oom Thys te praat. Wanneer hy my geskakel het en ek sien oom Thys se nommer op my foon, het ek dit net eenvoudig doodgedruk.

**Jy kan nié bly om oom Thys te vermy nie, het Rika keer op keer vir my gesê, terwyl ek steeds geweier het om met hom te praat.**

Een aand kry ek 'n oproep van 'n vreemde nommer. Dit is ék, het oom Thys gesê: Moenie jou foon nou dooddruk nie, ek het net 'n kort boodskap vir jou. "Ek pos môre my persoonlike Bybel vir jou." Nee! Ek wil nié oom se Bybel hê nie! Ek het my eie 1933 Afrikaanse Bybel, wat ek reeds vir jare gebruik, en ek het vele ander Bybels wat ek vir my navorsing gebruik. Jy mag ál die Bybels hê, maar jy het steeds NIÉ die regte Bybel nie, en ek voel in my gees dat YAHVAH my Vader wil hê, dat jy hiérdie Bybel moet kry, want YAHVAH my Vader, het 'n spesiale plan met jou, was sy woorde aan my. Ek ken nie vir YAHVAH, nie en ek stel ook nie werklik belang om Hom (YAHVAH), te leer ken nie, was my antwoord aan oom Thys. Ek is nét gehoorsaam aan YAHVAH, my Vader se stem, was oom Thys se antwoord. Ek het besef om teë te stribbel gaan nie help nie, en die volgende week ontvang ek oom Thys se eie Bybel in die pos.

**Met die eerste oogopslag het ek besef dat hierdie Bybel geen gewone Bybel was nie. Omdat ek steeds deurmekaar en geweldig onseker was, het ek oom Thys se Bybel in my studeerkamer op die rak gesit, en dit nié weer aangeraak nie, want ek wou nie! Vir meer as twee weke het ek en Rika nie 'n woord oor oom Thys se Bybel gerep nie. Na meer as twee weke het Rika een aand oom Thys se Bybel te voorskyn gebring, en my gemaan om nou na haar te luister. Onwetend, was sy reeds vir meer as twee weke daaglik met oom Thys se Bybel besig, terwyl ek by my kantoor was. Half teen my sin het ek gesit en luister, maar met tyd het my geestelike oë so half begin oopgaan. Steeds het ek verskillende redes aangehaal waarom hierdie Bybel van oom Thys, net nié sin gemaak het nie. Terwyl ek een nag nié kon slaap nie, het 'n magdom inligting wat ons toe reeds bestudeer het deur my gedagtes geflits. Skielik was dit asof iemand die lig vir my aangeskakel het, en onmiddellik het ek besef, wat in oom Thys se Bybel geskryf staan. Ek het God (Elohim), my Vader, in gebed aangeroep, en gevra om my te vergewe, dat ek só hardkoppig en blind was. Ook het ek God (Elohim), gedank, dat oom Thys en Rika nié met my moed verloor het nie, maar dat oom Thys sy persoonlike Bybel vir my gestuur het, wat vandag, 2015; verseker my grootste aardse skat is, wat ek besit. Ek onthou steeds oom Thys se woorde aan my. "Wanneer jy hierdie Bybel lees, vergeet net vir 'n wyle wat jy in die kerk geleer was, EN LEES NÉT WAT IN DIE WOORD VAN ELOHIM, (GOD) GESKRYF STAAN! Dit was my heel laaste gesprek met oom Thys. Tot vandag, 2015; het ek nog nóóit weer iets van oom Thys gehoor nie. Sy foon lui aanhoudend, en niemand antwoord dit nie. Toe ek oom Thys se Bybel as geskenk gekry het, was hy reeds 82 jaar oud gewees. Ek wonder of hy nog leef? Dalk was sy Bybel, die laaste opdrag wat Die Vader, vir hom gegee het om te doen. Hoe sal ek weet? Dit is nou, ná meer twee jaar se intensiewe navorsing en studies dat ek oom Thys se "Engelse Bybel, wat uit Dié Antieke Oorspronklike Hebreëse Alfabet vertaal is, gaan gebruik vir hierdie spesifieke boek wat u besig is om te lees.**

**Omdat ek vir jare reeds aan geen spesifieke kerklike denominasie, of organisasie behoort nie, maar aan dié Bruid van Jesus Christus (YAHVAHSHUA), verbonde is, was dít nie vir my moeilik om aan oom Thys se versoek gehoor te gee nie.**

**Terwyl ons hierdie Bybel van oom Thys dag vir dag bestudeer het, het ons besef dat hierdie spesifieke Bybel, geen gewone Bybel was nie, maar in werklikheid Dié Geopenbaarde Woord van God (Elohim), is. Soos wat**



hierdie studie gaan vorder glo ek dat u ook tot die besef sal kom, dat dít wat u besig is om te ontvang niks anders, as Dié Geopenbaarde Woord van God (Elohim), ons Vader is nie.

Omdat hierdie spesifieke boek 'n Bybelstudie is, is dit belangrik dat ons nié deur die inhoud hiervan sal jaag nie, maar dat ons eerder tyd sal neem om te verseker, dat ons elke moontlike leidraad sal navolg, bestudeer en navors, om verseker te wees wanneer ons hierdie boek by sy einde toemaak, dat geen steen onaangeraak gelaat was nie, sodat daar nóóit weer enige onsekerheid in ons gemoed sal heers nie!

Ek glo dat ons nou gereed is om hierdie “Geestelike Legkaart” stukkie vir stukkie, bymekaar te bring, sodat God (Elohim), ons Vader, deur Sy Heilige Gees (RUACH ha KODESH), u ook tot die volle Geopenbaarde Woord van Hom kan lei, en dat

dít wat vir eeue deur die Babiloniese godsdiens (Rooms-Katolieke kerk) versluier was, nou deur God (Elohim), ons Vader, aan u geopenbaar sal word. Prys Sy Naam!

Ek wil weer verskoning maak dat ek heelwat “Engelse” aanhalings gaan aanhaal. Die rede is dat wanneer vertalings plaasvind word sekere woord waardes verloor, en dít is noodsaaklik dat u dié impak van elke stelling in hierdie boek ten volle sal begryp, en ervaar. In die volgende hoofstuk sal ons kyk na die belangrikheid en dié waarde, van enige persoon se eienaam.

## 2).DIE WAARDE VAN MY NAAM

Ek wonder hoeveel mense besef die waarde van sy/haar naam wat hul ontvang het, toe hul gebore was? Wanneer 'n persoon sy/haar naam ontvang, word dit dié identiteit van hierdie persoon, wat vir die res van sy/haar lewe, hul uniek sal maak. Daarom vind ons in die Hebreëse Bybel, dat sekere “Eiename” Bybelse betekenis het. Baie keer is Bybel name streekgebonde, en verwys somtyds ook ná een of ander slagveld wat plaasgevind het.

Hierdie spesifieke waarheid het satan reeds van die ontstaan van die aarde besef, en daarom was sy naam ook verander van die Môrester na Lucifer (satan), nadat hy deur God (Elohim), Almagtig uit die hemel gewerp was. Selfs die een derde van die hemel se engele, wie na verwys was as “Die Seuns van God (Elohim),” verloor hulle hemelse heerlikheid en name, en word onmiddellik na verwys as: “gevalle engele/demoniese geeste.” Onmiddellik wanneer ons die naam “demoniese geeste” gebruik, vereenselwig u hierdie naam met alles wat sleg en sonde is, sonder dat ek nodig het om dit vir u te verduidelik! My eienaam identifiseer my, en onmiddellik weet mense wie, en wat ek is. Wat is u naam? Waarmee identifiseer die mense wie u wanneer hulle u naam hoor? My naam is ek sélf, en dit kan nié verander word nie. As my naam Hannes Redelinghuys is, verander dit nié wanneer ek in Europa is nie, dít bly steeds Hannes Redelinghuys!

Wat die satan en sy trawante eeue gelede reeds besef het, is dat deur naamsveranderinge dít moontlik is om “ander betekenis” te gee aan dié gesag, en outoriteit, van sekere name. Daarom vind ons reeds van die vroegste tye, dat sekere name verander was om “ander betekenis” te gee, aan hul oorspronklike name. So vind ons dit wanneer koning Nebukadnésar die Koning van Babel, die volk Israel gevange neem volgens Daniël

1 vers 1 tot 7. Wanneer ons vers 6 lees, vind ons dat die eerste ding wat hierdie Babiloniese afgode Koning doen, is om die name van Daniël en sy drie Hebreëse vriende te verander, na afgodename.

Daniël 1 vers 6 en 7:

*(Vers 6):“En onder hulle (die volk van Israel) was uit die kinders van Juda; Daniël, Hanánja. Mísael en Asárja.”*

*(Vers 7):“Daniël word Béltasar, Hanánje word Sadrag, Mísael word Mesag en Asárja word Abednégo.*

Hierdie soort aanslag van satan, sal ons regdeur die Woord van God waarneem, wanneer ons ’n magdom van verskillende Skrif verwysings gaan bestudeer. Wat skokkend gaan wees, is dié feit hoe die satan die Rooms-Katolieke kerk gebruik het, om deur eeue se veranderings van Manuskripte en Tekste, “Die Oorspronklike Hebreëse Goddelike Name wat verwys na God ons Vader, Jesus Christus en die Heilige Gees” verander te kry, sodat geslagte opregte Christenmense na hul grafte gegaan het, sonder dat hulle óóit geweet het dat hierdie Babiloniese Hoer moeder van Openbaring 17 vers 1 tot 11; die Ware Woord van God (Elohim), so korrup gemaak het, dat dít geheel en al ander betekenis aan hierdie “Oorspronklike Antieke Hebreëse Goddelike Name,” gegee het. Die feit dat u tans besig is om hierdie dokument te lees, sal u laat beseef dat dít eintlik ’n Goddelike voorreg is, omdat u net sowel ook reeds kon gesterf het, sonder dat u werklik deel van hierdie Goddelike Openbaring geword het, en dan het u ook nóóit geweet wat God (Elohim), ons Vader, se Oorspronklike Hebreëse Name was nie.

Ek voel dit is nodig, dat ons eers na ’n paar verskillende Skrif verwysings moet kyk. Wanneer ons hulle lees is dit belangrik om ná die “bewoording” van hierdie Skrifgedeeltes op te let, want onmiddellik sal dít vir ons sekere woord waardes gee, wat struktuur aan dié spesifieke Skrifgedeelte sal verleen. Kyk spesifiek na dié vrae wat in hierdie Skrifgedeeltes gevra word.

Die Woord van God (Elohim), verklaar in Spreuke 30 vers 4:

*(Vers 4):Die eerste vraag is: “Wie het na die hemel opgeklim en neergedaal? (Natuurlik Die Vader). Die tweede vraag is: “Wie het die wind in Sy vuiste versamel? (Die Vader). Die derde vraag is: “Wie het die waters in ’n kled saamgebind? (Die Vader). Die vierde vraag is: “Wie het die eindes van die aarde vasgestel? (Die Vader). Die vyfde vraag is: “HOE IS SY (DIE VADER SE) NAAM? Vraag ses is: “EN HOE IS DIE NAAM VAN SY SEUN – AS JY DIT WEET?”*

Hierdie is sekerlik een van die belangrikste vrae wat in die Bybel geskryf is. HOE IS SY (NAAMLIKDIÉ VADER) SE NAAM, EN HOE IS DIÉ NAAM VAN SY SEUN – AS JY DÍT WEET? Elke Christelike kerk mens in die wêreld wie verklaar dat hulle Christene is, en wat ’n redelike kennis van die Bybel het, behoort hierdie twee vrae sekerlik ní moeilik te wees om te beantwoord nie? U sal sekerlik ook onmiddellik antwoord, dat dié Vader se Naam God is, en dat Sy Seun se Naam verseker Jesus Christus is!

Waarom is die laaste gedeelte van ons Skrifgedeelte ook ’n vraag? Dit sê: “AS JY DIT WEET?” Wanneer ek na die laaste gedeelte van hierdie Skrif verwysing kyk, lyk dit NIE vir my, asof almal wie Christene is, REGTIG

WEET WAT DIÉ NAAM VAN GOD ONS VADER IS NIE, EN OOK NIÉ WAT DIE NAAM VAN SY SEUN IS NIE, anders sou dié Woord van God (Elohim), nié hierdie vraag aan ons (ook in hierdie 21ste eeu) gevra het nie.

Dit was hierdie selfde vraag van oom Thys, wat veroorsaak het dat dít wat ek my hele lewe lank geglo het, soos 'n gemmer huis inmekaar getuimel het. WAT IS DIÉ NAAM VAN GOD (ELOHIM), EN WAT IS DIÉ NAAM VAN SY SEUN, AS JY (EK EN U) DIT WEET? Om sake verder deurmekaar te krap, kwoteer oom Thys ook die volgende twee Skrifgedeeltes aan my.

Jesaja 52 vers 6:

*(Vers 6): "Daarom sal MY VOLK MY NAAM leer ken; daarom sal hulle weet op dié dag dat dit EK IS wat spreek: HIER IS EK!"*

WAT IS "SY NAAM," wou oom Thys weet? Natuurlik Jehova of Yahweh, was my reaksie! NEE! Die naam "Jehova en Yahweh" was deur die Rooms-Katolieke kerk geskep. Wat! Dit is onmoontlik! Was my eerste reaksie. Nou verstaan u waarom ek vir meer as twee weke geweier het om met oom Thys te praat, want alles wat ek geglo het dié waarheid was, het nou na 'n leuen gelyk! Onmiddellik onthou ek dié Skrifgedeelte wat verklaar: "Dat hy (naamlik die satan) sal kom soos 'n engel van die lig." Ek het besef dat dié inligting wat ek reeds vir meer as twee jaar van oom Thys ontvang het, alles behalwe 'n leuen was. Inteendeel het meeste van sy navorsing presies met my navorsing ooreen gestem, en daarom het ek besef dat oom Thys nié 'n instrument in die hand van Satan was nie, maar dat God (Elohim), my Vader, 'n definitiewe plan met oom Thys en sy Bybel, gehad het.

Ons het nog nie eers met hierdie studie begin nie, en ek glo dat u ook reeds geskok is. Om werklik te besef waarmee ons besig is, gaan dit vir my nodig wees dat ek eers sekere nagevorste inligting met u moet deel, anders sal u nóóit besef waarmee die satan, in hierdie 21ste eeu, besig is nie. Onthou, ons lewe tans in die tyd van DIE GROOT LEUEN! Meeste mense sal eerder 'n leuen wil glo, as dié waarheid. Waarom? Omdat dié meerderheid gewoonlik veronderstel is om die waarheid te glo, wat NIE altyd waar is nie!

Die volgende inligting wat ek met u gaan deel, kom reeds in my vorige boek: *"Waarom 'n Vierde Afrikaanse Bybelvertaling? voor, maar dít is ook van toepassing op hierdie spesifieke boek (dokument).* Sonder hierdie inligting sal dit onmoontlik wees, om presies te besef waarmee die satan, deur middel van die Rooms-Katolieke kerk, en Bybelvertalings deur die eeue besig was, en dít het veroorsaak dat onskuldige opregte mense in hul eie leeftyd, nóóit die voorreg gehad het om God ons Vader, Jesus Christus en die Heilige Gees, deur hul Oorspronklike Antieke Goddelike Geopenbaarde Hebreërse Name te ken nie. Die feit dat u nou besig is om hierdie boek (dokument) te lees, gaan verseker dat u nié ook in hierdie genoemde groep val nie.

Onthou wat ek in die begin van hierdie boek gesê het. U kan alleenlik 'n oordeel oor hierdie boek (dokument) vel, as u dit in sy geheel gelees het. Anders weet u mos nié wat werklik gesê was nie! Wanneer die skokke kom, moet dít u motiveer om die "volle waarheid" te wil weet.

In die volgende hoofstuk gaan ons vlugtig na van dié oorspronklike Manuskripte of Tekste kyk, wat in sekere Bybelvertalings gebruik was. Dit wat u nou gaan lees gaan verseker vir u nuwe insigte gee.

### 3).HULLE WIE BY MÝ NAAM GEROEP IS

Die Woord van God (Elohim), Almagtig, verklaar:

Hosea 4 vers 6:

*(Vers 6):“My volk gaan te gronde weens gebrek aan kennis; omdat jy die kennis verwerp het, sal Ek (God [Elohim], Almagtig), jou verwerp...”*

Hierdie vers gedeelte glo ek spreek vir homself.

2 Timótheüs 2 vers 15:

*(Vers 15):“Lê jou (u wie hier lees) daarop toe om jou beproef (of waardig te stel) voor God (Elohim), te stel as ’n werker wat hom (haar) níe hoef te skaam nie, want die Woord van waarheid reg (uit) sny.” (Sonder om van dié waarheid af te wyk, terwille van mense, en wat hulle níe wil glo nie).*

Terwyl ons die volgende Skrifgedeelte lees is dit noodsaaklik om te weet, dat die Woord van God (Elohim), verklaar volgens:

Matthëüs 7 vers 21:

*“(Vers 21):“NIE elkeen wat vir My sê: Here, Here, sal ingaan in die koninkryk van die hemele nie, maar hy wat dié wil doen van my Vader wat in die hemel is.”*

Het u opgelet na die bewoording: HERE, Here in die genoemde Vers gedeelte? Ons sal hierdie onderwerp later bespreek.

In die volgende Skrifgedeelte wil ek hê dat u spesiaal moet oplet na die laaste gedeelte, van die vers verwysing.

Maleágii 1 vers 6:

*(Vers 6):“’n Seun eer die vader, en ’n kneg sy heer. As Ek (God (Elohim), Almagtig), dan (julle) Vader is, waar is My eer? En as Ek (God (Elohim), Almagtig), ’n Heer is, waar is die vrees vir My? Sê die Here van die leërskaare aan julle, o priesters, WAT MY NAAM VERAG! (Waarom verag hulle Sy NAAM? Watter Naam?*

Eségiel 20 vers 9 verklaar die volgende.

*(Vers 9): “Maar Ek (God [Elohim], Almagtig), het gehandel TERWILLE VAN MY NAAM, dat dit NIE ONHEILIG sou word voor die oë van die nasie, onder wie hulle (Israel gevange) gewees het nie...”*

Nadat ons hierdie Skrif verwysings bestudeer het, wil dit my voorkom asof die volk van Israel verloor of vergeet het, wat God (Elohim), Almagtig se Heilige **NAAM** was, want ons sien in die volgende Skrif verwysing dat God (Elohim), Almagtig, hulle ernstig aanspreek.

Eségiël 39 vers 7:

*(Vers 7):“En Ek (God [Elohim], Almagtig), sal **MY HEILIGE NAAM** bekend maak onder My volk Israel, en **MY HEILIGE NAAM** nie meer laat onheilig nie; en die nasies (selfs in hierdie 21ste eeu), sal weet dat Ek die Here is, die Heilige in Israel.” (Ook in Suid Afrika en elders).*

Wanneer in hierdie Skrifgedeelte gevra word wat **is MY HEILIGE NAAM**, merk ons onmiddellik dié verwysing **HERE**. My vraag is nou. **IS SY NAAM HERE?** Wat sê u? Soos ek reeds gesê het, gaan ons later hierdie Naam HERE bespreek.

In die volgende raak die Profeet Hoséa ernstig, wanneer hy sien dat die volk van Israel het DIE **HEILIGE NAAM** VAN GOD (ELOHIM), ALMAGTIG, verruil vir afgode name. Nou bid die volk van Israel in AFGODE NAME en verwag dat GOD (ELOHIM), ALMAGTIG, hulle steeds moet verhoor. Die Woord van God (Elohim), verklaar:

Jakobus 4 vers 3:

*(Vers 3):“**Julle bid en ontvang nie, want julle bid verkeerd.**”*

Bedoelende, dat julle bid in die **VERKEERDE NAME**, en verwag dat God (Elohim), Almagtig, die skepper van hemel en aarde, moét aan julle gehoor gee?

Kom ons lees.

Hoséa 2 vers 15 en 16:

*(Vers 15):“En in dié dag, spreek die Here (God (Elohim), Almagtig), sal jy (ook u wie nou hier lees) My (God (Elohim), ons Vader), noem: MY MAN; en jy sal MY nie meer noem: “**MY BAÄL NIE.**”*

Waarom verwys die Profeet Hoséa na die naam Baäl? Omdat die volk van Israel God (Elohim), dié Skepper van hemel en aarde aanbid het, in BAÄLSE, of AFGODE name! Hulle het selfs na God (Elohim), Almagtig, verwys as: “**MY BAÄL.**” Hoe kan enige regdenkende mens dit doen?

*(Vers 16):“Dan verwyder Ek (God (Elohim), Almagtig) die name van die BAÄLS uit haar mond, sodat hulle (ook in hierdie 21ste eeu), by hul naam (afgode naam) **NIE MEER GENOEM SAL WORD NIE.**”*

Wat merkwaardig is, is die feit dat in hierdie 21ste eeu het die algemene manier van godsdienstige aanbidding, teruggekeer om God (Elohim), Almagtig, te aanbid in die name van verskillende “**BAAL gode,**”

onder die gesag van 'n "Nuwe Globale Een wêreld godsdiens Sisteem." In die volgende Skrif verwysing maak God (Elohim), Almagtig, 'n pertinente verklaring, wat ook betrekking het op elkeen van ons, wie in hierdie 21ste eeu, en selfs later leef.

Jesaja 52 vers 6:

*(Vers 6):"Daarom sal MY VOLK, MY NAAM LEER KEN; (Die Woord van God (Elohim), sê nié, dat ALMAL wat die Bybel lees SY NAAM sal ken nie, NEE! Hy sê SY volk: (HULLE SAL MY NAAM LEER KEN); daarom sal hulle (NAAMLIK SY VOLK) weet op dié dag dat dit EK IS WAT SPREEK: HIER IS EK!"*

Terwyl u hierdie boek (dokument) lees, is dit HY, ONS GEOPENBAARDE GOD (ELOHIM), wie met u spreek. "HY SÊ: HIER IS EK." Wat u met dié boodskap in hierdie spesifieke dokument gaan doen, bly altyd u eie keuse.

Volgens hierdie gelese Skrif verwysings, sal ons in hierdie 21ste eeu verseker DIE NAAM VAN GOD (ELOHIM), ONS VADER, KEN. Nié miskien nie, maar ons sal weet, dat ons weet, dat ons verseker weet, WAT SY NAAM WAS, EN STEEDS IS! Kyk hoe bevestig die volgende Skrif verwysings presies dít, wat ek so pas gesê het.

2 Kronieke 7 vers 14:

*(Vers 14):"As MY VOLK (ook ons in hierdie 21ste eeu) OOR WIE MY NAAM UITGEROEP IS, hulle verootmoedig en bid, en MY aangesig soek EN HULLE BEKEER van hulle verkeerde weë, DAN SAL EK (GOD [ELOHIM], ALMAGTIG), UIT DIE HEMEL HOOR EN HULLE SONDE VERGEWE, EN HULLE LAND (SUID-AFRIKA OOK), GENEES."*

Dit is noodsaaklik dat u moet kennis neem van die verwysing; oor wie "MY NAAM UITGEROEP IS."

Volgens hierdie Skrif verwysing kan die genesing van die land (volk) alleenlik plaasvind as dié volk God Elohim), Almagtig, SE NAAM KEN, EN DÍT OOR HULLE UITGEROEP IS! Watter Naam?

Openbaring 3 vers 12:

*(Vers 12):"Wie oorwin, Ek (Jesus Christus), sal hom (of haar) 'n pilaar in die tempel van My God (Elohim), (Elohim) maak, en hy (sy) sal daar nooit weer uitgaan) nie; en Ek (Jesus Christus) sal op hom (haar) DIE NAAM VAN MY GOD (ELOHIM), skrywe en die naam van die stad (Jerusalem) van My God (Elohim), (Almagtig), van die nuwe Jerusalem, wat uit die hemel van my God (Elohim), neerdaal, en MY (YAHSHUA) SE NUWE NAAM."*

Volgens hierdie gelese Skrif verwysing, gaan selfs Jesus Christus 'n NUWE NAAM, in die hemel ontvang.

Openbaring 11 vers 18:

*(Vers 18):“... en aan die (mense) wat U NAAM vrees.”*

Wanneer hierdie Skrifgedeelte bestudeer word, sal u vind dat die redding is n t vir hulle wie SY NAAM VREES, en geen ander mense nie! Gelukkig is d t presies wat die Woord van God (Elohim), ons Vader, verklaar, en ni  ek, as skrywer, wie die oordeel vel nie!

Openbaring 19 vers 12:

*(Vers 12):“En Sy (Jesus Christus se) o  was soos ’n vuurvlam, en op Sy hoof was baie krone; en Hy (Jesus Christus) het ’n NAAM wat geskrywe is, wat niemand ken nie, behalwe Hy (Jesus Christus [YAHVAHSHUA]) self.”*

Weereens die bevestiging dat Jesus Christus, in die hemel ook ’n ander NAAM sal ontvang, wat net Hy sal herken.

Openbaring 19 vers 13:

*(Vers 13):“En Hy (Jesus Christus [YAHVAHSHUA]), was bekleed met ’n kleed wat in bloed gedoop was, en SY NAAM IS: DIE WOORD VAN GOD.”*

Hierdie spesifieke Skrifgedeelte, verklaar reeds gedeeltelik wat die NUWE NAAM van Jesus Christus in die hemel gaan wees, naamlik: “DIE WOORD VAN GOD.” Wanneer na die “WOORD” VAN GOD (ELOHIM), verwys word as DIE NAAM van God (Elohim), is dit NIE heeltemal waar nie, WANT DIE NAAM VAN GOD IS NI  SY WOORD NIE, MAAR “YAHVAH.”

Wanneer ons dan Johannes 1 verse 1; 2 en 14 lees, ervaar ons hoe hierdie gedeelte in Openbaring 19 vers 3; bevestig word in Johannes 1; 2 vers 1 en 14; wanneer dit s :

*(Vers 1):“In die begin was DIE WOORD, en die WOORD WAS BY GOD (ELOHIM), EN DIE WOORD WAS GOD.”*

*(Vers 2):“Hy (Jesus Christus, naamlik DIE WOORD) was in die begin by God.” (Sy Vader).*

*(Vers 14):“En DIE WOORD (Jesus Christus) het vlees geword en onder ons (naamlik die Apostels van Jesus Christus) kom woon – en ons (die Apostels en ander mense) het Sy (Jesus Christus) se heerlijkheid aanskou, ’n heerlijkheid (Goddelikheid) SOOS VAN DIE EERSGEBORENE WAT VAN DIE VADER KOM; VOL VAN GENADE EN WAARHEID.”*

Wie volgens hierdie Skrifgedeelte was DI  WOORD? Daar is net een antwoord, DIT IS JESUS CHRISTUS (YAHVAHSHUA).

Openbaring 19 vers 16:

*(Vers 16):“En Hy (Jesus Christus [YAHVAHSHUA]), dra op Sy klee en op Sy heup die NAAM wat geskrywe is :DIE KONING van die konings, en DIE HERE van die here.”*

Weereens die verwysing na die woord “HERE, here.” Later in hierdie dokument gaan ek weer u aandag vestig, op hierdie spesifieke Skrif verwysing na: “DIE HERE,” van die here.

Openbaring 22 vers 4:

*(Vers 4):“En hulle (naamlik die Bruid van Jesus Christus {YAHVAHSHUA}), sal Sy (God (Elohim), ons Vader, se) aangesig sien, en **SY NAAM** sal op hulle (ons, naamlik Jesus [YAHSHUA] se Bruid, se) voorhoofde wees.”*

Waarom dink u, sal die Woord van God (Elohim), ons Vader, soveel verskillende Skrif verwysings, net in die boek Openbaring hê met verwysing tot SY NAAM, as enige ANDER AFGODE NAAM goed genoeg was? DIE VERBORGENHEID VAN GOD (ELOHIM), ONS VADER, LÊ JUIS OPGESLUIT IN “**SY GODDELIKE NAAM,**” en daarom het die satan, deur eeue se teks en herskrywe manuskripte, asook Bybelvertalings, DIE OORSPRONKLIKE “GODDELIKE NAME” VAN GOD (ELOHIM), ONS VADER, JESUS CHRISTUS, EN DIE HEILIGE GEES WEGVERTAAL? Omdat hy weet dat die geheim van oorwinning, IS IN HIERDIE OORSPRONKLIKE HEBREÛERSE **GODDELIKE NAME** OPGESLUIT, en daarom moes dít vir eeue in hierdie korrupte toestand bewaar bly. Die Woord van God (Elohim), ons Vader, verklaar: “**EN HULLE (JULLE IN HIERDIE 21ste EEU), SAL MY (OORSPRONKLIKE GODDELIKE) NAAM KEN.**”

Ek wil u, ’n persoonlike vraag vra. Sal u vir my die volgende vraag eerlik antwoord? Kom ons kyk watter vraag vra die Woord van God (Elohim), vir ons.

Matthéüs 16 vers 26:

*(Vers 26):“Want wat baat dit ’n mens (ek en u) as hy (sy) die hele wêreld win, maar aan sy (haar eie) siel skade ly? Of wat sal ’n mens (ons) gee as losprys vir sy (ons) siel?*

Terwyl mense in hierdie wêreld bereid is om terwille van hul geloof te sterf, moet ek u vra, wat is u bereid om te gee vir die redding van u siel? Apostel Paulus wil weet, wat help dit, ons kry die wêreld gered, en ons sterf omdat óns self NIE WEET WAT GOD (ELOHIM), ONS VADER, SE **REGTE NAAM** IS NIE?

Die volgende stelling sal ek in “Engels” moet skryf, presies soos wat dít in “THE RESTORATION OF THE ORIGINAL SACRED NAME BIBLE, THE ROTHERHAM VERSION,” geskryf staan, anders gaan ons sekere woordwaardes verloor, wanneer ek dit vertaal. Terwyl ek dit vir u neerskryf, gaan ek tog sekere verwysings in Afrikaans vir u verduidelik.

Wat u moet weet, is dat daar vandag, 2015; meer as 5333 GRIEKSE manuskripte en tekste bestaan, wat oor ’n tydperk van bykans 2300 jaar bymekaar gemaak was, wat gebruik word vir die vertaling van verskillende Bybels in die wêreld. Wanneer die Suid-Afrikaanse Bybelgenootskap verklaar, dat hulle die OORSPRONKLIKE



TEKS gebruik, verduidelik hulle NIÉ vir die oningeligte leser, watter een van hierdie 5333 tekste en manuskripte gebruik word nie. Hulle verduidelik ook NIÉ aan die lesers, dat hulle nét van dié Wescott en Hort se 1881 NUWE GRIEKSE, NUWE TESTAMENT naamlik die Nestlé Aland Teks wat verdraai en korrup is, gebruik nie! Uit hierdie korrupte teks vandag, 2015; het reeds meer as 300 korrupte en verdraaide “Engelse” Bybels voortgevloei

Daar bestaan nié vandag, 2015; ’n WERKLIKE OORSPRONKLIKE TEKS NIE, want al dié GRIEKSE tekste, was deur die eeue oor en oor herskryf, en met elke herskrywing het daar tóg verskille, met die skryf van dié tekste ingesluit. Sommige GRIEKSE tekste en manuskripte was blatant korrup gemaak, om by die godsdiens swaai en dogma van die Rooms-Katolieke kerk aan te pas. Hiervan getuig ons eie 1983 en 2016 (New Age) Afrikaanse Bybelvertalings, waar dié NAAM van Jesus Christus 87 keer weggelaat is, dié NAAM Christus is 56 keer weggelaat, dié NAAM Here is 48 keer weggelaat, dié NAAM God (Elohim), is 40 keer weggelaat, dié Godheid van God (Elohim), is 40 keer weggelaat, terwyl meer as 9000 Skriftuurlike veranderings plaasgevind het, vergeleke met ons 1933 Afrikaanse Bybel, wat as DIÉ WARE WOORD VAN GOD (ELOHIM), bekend staan.

Nou kom die grootste skok. Net soos wat daar foute met die herskryf van dié GRIEKSE tekste en manuskripte ingesluit het, net só het daar ook sekere foute met die herskryf van sekere HEBREËRS en HEBREËR/LATYNSE tekste, en manuskripte ingesluit.

Ek gee toe, dat daar nié sulke blatante verskille ingesluit het as die Griekse Tekste nie, want die Rabies self het dié herskrywing van die TORA waargeneem, maar wanneer die Rooms-Katolieke kerk in die 6de, 13de en 16de eeu self, sekere Hebreëse tekste en manuskripte herskryf, vind ons dat sekere OORSPRONKLIKE EN GODDELIKE NAME VAN GOD (ELOHIM), ALMAGTIG, verander was, na sekere name wat steeds vandag, 2015; in meeste Bybels in die wêreld gebruik word. Wat wel ’n nagevorste feit is, is dat daar vandag, 2015; meer as 258 Hebreëse Alfabette bestaan, wat meeste deur die Rooms-Katolieke kerk korrup gemaak was, wanneer ons dit vergelyk met die Oorspronklike Antieke Hebreëse Alfabet. Later in hierdie boek (dokument) gaan ek meer sê met verwysing tot hierdie 258 Hebreëse Alfabette.

**VOORDAT ONS BY DIE OORSPRONKLIKE GODDELIKE NAME VAN GOD (ELOHIM), ONS VADER, JESUS CHRISTUS EN DIEHEILIGE GEES KAN UITKOM, moet ons eers na sekere verwysings kyk, wat ’n geweldige rol in ons ondersoek gaan speel.**

Hoe ontstaan ’n taal? Weet u? Deur middel van ’n “ERKENDE ALFABET.” Sonder ’n erkende alfabet is dit onmoontlik dat enige “spreekbare taal” kan ontwikkel. Met die Hebreëse taal was dit presies dieselfde. Volgens die geskiedenis is bewys dat die “Egiptiese Hiërogliewe,” uit die oeroue “Someriese skrif,” ontstaan het. Die Egiptenare het die “Lografiese en Alfabetiese Kursiewe Hiërogliewe,” vir godsdienstige geskrifte op papyrus en hout gebruik. Wanneer ons na dié oorsprong van die Hebreëse/Joodse taal kyk, vind ons dat dié “Someriese taal,” ’n groot invloed op die Aramese taal, en later ook die Hebreëse taal gehad het.

U as leser, sal in hierdie spesifieke boek (dokument) agtergekom dat wanneer ek na DIE ALLERHOOGSTE verwys, dat ek vir alle praktiese redes, na HOM verwys as: GOD (ELOHIM), ONS VADER, OF GOD (ELOHIM), ALMAGTIG. Waarom? Omdat ons van ons kindsbeen af so geleer was!

Wat beteken die woord GOD? Weet u? Ja! Die woord God (Elohim), beteken: **VOORWERP VAN AANBIDDING**. Enige VOORWERP wat u nou na kyk, kan u god wees, naamlik: VOORWERP VAN AANBIDDING.

Net soos dié naamwoord, "VADER en SEUN" nié my NAAM is nie, maar net na my as persoon verwys, weet u reeds dat MY NAAM HANNES is. Dit is sekerlik eenvoudig genoeg om te verstaan? Net so is DIE NAAM GOD (ELOHIM), nié ons God (Elohim), se **NAAM** nie, want u weet nou verseker dat DIE NAAM GOD (ELOHIM), **BETEKEN: VOORWERP VAN AANBIDDING**.

Hoe het hierdie NAAM GOD, in ons Bybels op geëindig? Maklik Die Rooms-Katolieke kerk, het deur jare se vertalings en herskryf van tekste en manuskripte, hierdie NAAMGOD, in ons Bybels invertaal. **Miljoene der miljoene eerlike, opregte eerbare Christenmense is na hul grafte, sonder dat hulle óóit geweet het WAT GOD, ONS VADER, SE NAAM WAS! Hoe ken u HOM? As God, Here, Jehova, Yahweh of watter Naam?**

Onthou, die Woord het verklaar:

Jakobus 4 vers 3:

*(Vers 3) "Julle bid en julle ontvang nie, want julle bid verkeerd." (In dié verkeerde NAAM).*

Met hierdie inligting is ons nou gereed om na DIÉ OORSPRONKLIKE ANTIEKE HEBREEUSE GODDELIKE NAAM VAN GOD (ELOHIM), ALMAGTIG te kyk.

Wanneer ek nou DIÉ OORSPRONKLIKE ANTIKE HEBREEUSE NAAM VAN GOD (ELOHIM), ALMAGTIG, vir u gaan noem, mag dít wees dat u dalk vir die eerste keer in u lewe, hierdie NAAM hoor of sien. Al wat ek vra is dat u net rustig hierdie studie met my sal meemaak. As u dit nié doen nie, is dit moontlik dat u ook een van die miljoene mense sal wees, wat na hul graf sal gaan, sonder dat u ooit geweet het wat u God (Elohim), **SENAAM** IS. DIÉ NAME GOD, HERE, JEHOVA EN SELFS YAHWEH, IS VOLGENS DIÉ OORSPRONKLIKE HEBREËRSE ANTIEKE GESKRIFTE, **NIÉ SY NAAM NIE!** VOLGENS "THE RESTORATION OF THE ORIGINAL SACRED NAME BIBLE. THE ROTHERHAM VERSION," IS DIE OORSPRONKLIKE ANTIEKE HEBREËRSE GODDELIKE GEOPENBAARDE NAAM "**YHVH,**" OF EERDER "**YAHVAH.**"

Ek besef dat u tans sekerlik in 'n toestand van skok verkeer. Hoe is dit moontlik dat dít wat ons as Christenmense ons lewe lank aan vasgehou het, in so 'n kort tydjie geheel en al ontspoor kan word? Soos wat iemand aan my gevra het nadat ek met hulle oor hierdie Goddelike Openbaring gepraat het, "**Hoe weet ons dat jy kom nié soos 'n engel van die lig, maar inwerklikheid is jy dié satan self nie?** Miskien sit hierdie selfde vraag ook vlak in u gemoed? My antwoord was dat ek reeds deur YAHVAH se genade, 40 jaar met navorsing en studies in die Eskatologie, en verwante onderwerpe kom, en dat ek reeds in die laaste 18 jaar 16 boeke (dik) geskryf het, wat reeds oor die wêreld bekend is, wat dié oorsaak is dat honderde mense tot die Bruid van Jesus (YAHSHUA), gevoeg is, nadat hulle hul tot God (Elohim), ons Vader, (soos wat ek HOM ook maar

geken het), bekeer het. satan HET NOG NOOIT EEN SIEL GERED NIE, EN SAL OOK NOOIT! Nee! Hy wil juis hê dat u in die hel moet beland, en nié by die ewige waarheid moet uitkom nie!

Al wat ek u vra is dat u in gebed, die res van hierdie boek (dokument) sal lees. Nadat u hierdie spesifieke boek (dokument) in sy geheel gelees het, bly dit u reg of u dít met minagting in die asblik gaan gooi, en of u verseker sal weet dat u **DIÉ GROOTSTE SKAT** in u lewe, ontdek het!

As u ooit enige van my vorige boeke gelees het, sal u verseker weet dat ek as skrywer, absoluut niks sê as ek dit nié deur nagevorste feite, kan staaf nie! Daarom sal hierdie spesifieke boek (dokument) ook nié anders wees nie. Ek sê weer. Toets dít met dié Woord van God (Elohim), ons Vader, en vind self uit of dit van God (Elohim), is, en of dit net nóg 'n bedekte leuen is!

In die volgende gedeelte gaan ons kyk, hoe hierdie NAAM YHVH of eerder **DIÉ NAAM YAHVAH**, ontstaan het.

## 4. DIE BETEKENIS VAN DIE WOORD TETRAGRAMMATON

### 4. 1 DIE ANTIEKE HEBREËRSE ALFABET

Dit is noodsaaklik dat ons eers na **DIÉ ANTIEKE HEBREËRSE ALFABET** moet kyk. Ek gaan hierdie alfabet in “Engels” beskryf, sodat u die impak van elke verwysings kan ervaar.

Wat beteken die woord: TETRAGRAMMATON? Dit is die Antieke Hebreeuse verwysing na die “vier letter” woord YHVH, wat die gewone Hebreeuse/Jode NIÉ mag uitgespreek het nie, verwysend na **DIE HEILIGSTE ALLERHOOGSTE, DIE SKEPPER VAN HEMEL EN AARDE.**

Die woord “Elohim of Adonai” was eerder deur die Hoëpriester gebruik, as **DIÉ NAAM: YHVH.**

*“The Restoration Of The Original Sacred Name Bible, The Rotherham Version,”* beskryf die volgende:

- “The 6th letter of the HEBREW ALPHABET which is the 3rd letter of the Name,(THE TETRAGRAMMATON), is: VAV,V, In English, YHVH. (Ook in Hebreërs genoem: “YOD – HEI – VAV – HEI” [YHVH]).

Dit is uiters noodsaaklik dat u sal kennis neem, dat die woord YHVH nié deur enige Ortodokse Hebreër uitgespreek mag word nie, want hierdie is nêr 'n samevatting van konsonante. Maar wanneer twee klinkers bygevoeg word, is dit moontlik dat hierdie **VIER LETTERS, NÍ NAAM** word. Intendeel, sekerlik dié Heiligste en Goddelike NAAM, van alle NAME op hierdie aarde, en in die hemel! Die vier letters YHVH, tesame met hul twee klinkers, word YaHVah, of eerder YAHVAH. Kyk mooi ná die spelling van **DIE NAAM, “YAHVAH,”** dít is alles “**HOOFLETTERS,**” volgens dié Antieke Hebreërse Alfabet. Wat later deur die GRIEKE in die 6de en 13de eeu vertaal was as: **HERE, (LORD)** en later as **Here. (Lord),** dan as **GOD (ELOHIM),** en later as **God.** Kyk na die eerste spelling van die woord **HERE,** alles in **Hoofletters.** Selfs die GRIEKE het gewet dat **DIENAAM YAHVAH,** alles met “**Hoofletters**” gespel was, volgens **DIE OORSPRONKLIKE ANTIEKE HEBREËRSE ALFABET,** en daarom

het hulle in die 6de en 13de eeu die name naamlik HERE, en GOD ook eers alles met Hoofletters geskryf, en dan eeue later dieselfde name met nét “Een Hoofletter” geskryf, soos wat dít vandag, 2015; in meeste wêreld Bybelvertalings voorkom. Volgens hierdie skryfmetode, word dié woord HERE onmiddellik ontnem van sy woordwaardes, wanneer dít nou met “kleinletters” naamlik: “Here,” geskryf word, nie dat dít enige saak maak aan hierdie Rooms-Katolieke manier, om YAHVAH, ons Elohim, in die gelykheid van hul eie afgode te plaas nie!

Later in hierdie studie gaan ek vir u al die verskillende informasie met verwysing, tot hierdie spesifieke onderwerp gee.

Met hierdie agtergrond sal dít nou makliker wees om te verstaan hoe die “ANTIEKE TETRAGRAMMATON NAAMLIK DIE NAAM YAHVAHONTSTAAN HET.”

**TETRAGRAMMATON: ..... YHVH (ooooooooiiii) ..... YAHVAH**

Ek vertrou dat u presies verstaan, wat hier geskryf staan. Nou gaan ek eers vir u die direkte verwysings in die ROTHERHAM BYBEL wys, en dan kan uself dié egtheid hiervan bepaal.

Voordat u hierdie Oorspronklike Antieke Hebreëse Alfabet bestudeer, wil ek u nooi om die Bibliografie agter in die boek by Hoofstuk 5 nommer 1; sorgvuldig te lees en u te vergewis van dié feite, wat hier in “Engels” opgeteken is.

Ek gaan nou ook die volgende paragraaf in “Engels” vir u neerskryf dat u die werklike impak, van hierdie verklaring kan ervaar. Dit is uiters noodsaaklik dat u sal kennis neem van die letter “W” want later, in hierdie studie gaan dít noodsaaklik wees wanneer ons, na sekere Rooms-Katolieke Bybelvertalings gaan kyk van name in die Bybels, waar die letter “W” die hoofrol gaan speel.

- “First, you will notice in the ANCIENT HEBREW ALPHABET, that the 6th letter is Vav or Vauv– “V,” not a “W.” Next, in GREEK “V” when used as a VOWEL, Upsilon, it is pronounced as “OO – V.” But, THIRD, when this same letter is used as a consonant in GREEK it is pronounced like OUR “V.”

As dit nodig is, moet u weer hierdie gedeelte oorlees, want dít wat hier gesê word, gaan die verskil maak, of ons by dié Geopenbaarde Waarheid gaan uitkom, en of ons ook vir die res van ons lewe in die Rooms-Katolieke leuen gaan leef!

Kom ons lees verder.

- This is exactly the way the 6th letter is used in HEBREW. Vav when used as a CONSONANT IS “V,” when used as a VOWEL in HEBREW it is “OO (U)’ or “O.”

As u werklik verstaan wat in hierdie spesifieke paragraaf verduidelik word, is dié stryd reeds halfpad gewonne.

Nou gaan ek vir u DIE OORSPRONKLIKE ANTIEKE HEBREËRSE ALFABET wys.

- |   | Name.   | Power. |
|---|---|--------|
| • | 1. N â 'lef   | a      |
| • | 2. ם bêth or bath                                     | v, b   |
| • | 3. 2 ġîmelorġee'mel                                   | g      |
| • | 4. ך dâ'leth  | d ordh |
| • | 5. ה hê or hã   | h      |
| • | 6. ם vâv or vauv v                                    |        |
| • | 7. ם zâ'yinz  |        |
| • | 8. ה HêthorhathH (like the Arabic ه)                  |        |
| • | 9. ט têortä t   |        |
| • | 10. ך yôdhy   |        |
| • | 6. ן v (upsilon) is nearly like the French u, (or ü.) |        |

Nou dat u hierdie OORSPRONKLIKE ANTIEKE HEBREËRSE ALFABET bestudeer het, is u nou toegerus om Die Grootste Goddelike Openbaring in hierdie 21ste eeu te ervaar.

Wanneer ons die volgende Skrifgedeelte lees, sal u vind, dat die Woord van Elohim, (God), ons aandag vestig op spesifieke woorde. Ek het reeds van hierdie Skrif verwysings vir u genoem, maar dit is belangrik om nou dié kragtige verklarings hiervan te ervaar!

Kom ons lees:

Spreuke 30 vers 4:

*(Vers 4):“... HOE IS SY NAAM?(YAHVAH) EN HOE IS DIE NAAM VAN SY SEUN (YAHSHUA)– AS JY DIT WEET? (VERSEKER WEET U NOU WAT HULLE NAME IS).*

Die mees belangrikste vraag is: “WAT IS SY NAAM, EN WAT IS DIE NAAM VAN SY SEUN? AS JY DIT WEET? Op hierdie stadium weet u reeds dat die Vader, se Antieke Hebreëse NAAM is: “YAHVAH, ons Elohim.”

U sal vind dat meeste van die tyd wanneer ek as skrywer, na DIE NAAM YAHVAH, verwys, dat ek ook DIE NAAM Elohim, byvoeg. Waarom? Omdat DIE NAAM YAHVAH, te Heilig is om nét so geskryf te word. Wanneer meeste Hebreëse Rabies, na DIE ALLER HOOGSTE SKEPPER van hemel en aarde wil verwys, sal hulle sê: “YAHVAH, hul Elohim.” U weet reeds dat DIE WOORD “Elohim,” inwerklikheid die Titel van YAHVAH, is. Wanneer DIE NAAM “YAHVAH,” gebruik word, moet DIÉ GROOTSTE RESPEK getoon word. Soos wat u met

hierdie studie gaan vorder, gaan u DIÉ GROOTSTE RESPEK vir hierdie GODDELIKE NAAM “YAHVAH, ons Elohim,” ontwikkel. Inteendeel gaan u hele manier van aanbidding verander, omdat u Die Goddelike Waarde van hierdie Oorspronklike Antieke Hebreëse NAME gaan ervaar!

Terwyl u hierdie boek (dokument) verder lees, moet u ervaar hoe dié Heilige Gees naamlik(DIE RUACH ha KODESH), van YAHVAH, ons Elohim, ook in u lewe meer en meer gestalte kry.

Kom ons lees verder.

Jesaja 52 vers 6:

*(Vers 6):“Daarom sal MY volk MY NAAM (YAHVAH) leer ken; daarom sal hulle (ook in hierdie 21ste eeu) weet, op die dag (2015) dat dit Ek (YAHVAH), is wat spreek: HIER IS EK (YAHVAH, julle Elohim).*

Die kinders van DIE ALLERHOOGSTE SAL SY NAAM KEN! Selfs in hierdie 21ste eeu!

Hierdie gelese Skrif verwysing het nie gesê; miskien, of moontlik nie, Nee! Die Woord van Elohim, het gesê: “HULLE (OOK ONS) SAL MY NAAM KEN!”

Wanneer ons nou Psalms 68 vers 4 en 5 lees, moet ons mooi oplet, hoe word die NAAM VAN YAHVAH, ons Elohim, in verskillende lettergrepe opgebreek om dié Goddelike verklaarings van die verskillende gedeeltes te bevestig.

Dit is uiters belangrik dat u sal besef dat elke keer, wanneer u die woord “Here” in u Bybel sien, dat hierdie woord inwerklikheid DIÉ OORSPRONKLIKE HEBREËRSE ANTIEKE GODDELIKE NAAM YAHVAH vervang het, en dat die naam “HERE of Here” NIÉ dieselfde betekenis het as DIÉ GODDELIKE OORSPRONKLIKE ANTIEKE HEBREËRSE NAAM YAHVAH NIE!

Kom ons lees:

Psalms 68 vers 4 en 5:

*(Vers 4):“Maar die regverdiges is bly, hulle juig voor die aangesig van God (Elohim), en hulle is vrolik met blydschap.”*

Ek het reeds kortliks verduidelik dat DIE NAAM ELOHIM, was deur die GRIEKE in die 13de eeu verander na GOD (ELOHIM), wat inwerklikheid net beteken, “voorwerp van aanbidding.” Want die woord “God” is net ’n titel, en nie ’n “Eienaam” nie!

*(Vers 5):“Sing tot eer van God (Elohim), Psalmsing tot eer van Sy NAAM (wat is Sy NAAM? Sy NAAM is YAHVAH, ons Elohim), vul die pad op vir Hom (nie God (Elohim), of die Here nie, Nee! SY NAAM IS YAHVAH, ons Elohim), wat deur die woestynvlaktes ry: “Here is Sy Naam; (SY NAAM IS NIE Here NIE, SY NAAM IS YAHVAH, ons Elohim), en jubel voor Sy aangesig.” (Wie se aangesig? YAHVAH, ons Elohim, natuurlik!*

Wanneer die Hebreërs YAHVAH besing, dan sing hulle HalleluYAH wat beteken: Prys YAH. Die woord YAH, is ook 'n "afkorting" in die Hebreërse taal vir DIE GODDELIKE NAAM YAHVAH.

Wanneer ons Jesaja 42 vers 8 lees, vind ons dat die Profeet Jesaja verklaar:

Jesaja 42 vers 8:

*(Vers 8): "EK is die Here (YAHVAH, julle Elohim), dit is MY NAAM; en My eer sal Ek (YAHVAH, julle Elohim), aan geen ander (afgode naam) gee, of ook My (YAHVAH, julle Elohim, se) lof aan die (Rooms-Katolieke se) gesnede beelde (of afgode gee) nie."*

In die volgende Skrifgedeeltes is dit belangrik dat u oor en oor sal waarneem, HOE DIE OORSPRONKLIKE HEBREËRSE ANTIEKE GODDELIKE VERWYSINGS VAN YAHVAH, ons Elohim, weg vertaal is deur die Rooms-Katolieke kerk, by wyse van tekste, manuskripte en Bybelvertalings. Soveel so, dat geslagte onskuldige mense in hul grafte is, sonder dat hulle ooit dié voorreg gehad het om te ervaar, wat u tans besig is om te ervaar!

Kom ons lees ook:

Jeremia 16 vers 21:

*(Vers 21): "Daarom, kyk, EK (YAHVAH, julle Elohim), laat hulle (die ongoddelikes) hierdie keer voel, voel My hand en My mag; en hulle (selfs die mense in die 21ste eeu) sal weet, dat MY NAAM "Here" (OF EERDER YAHVAH, julle Elohim), is."*

Wanneer ons na ons eie land Suid-Afrika kyk, weet ons onmiddellik volgens hierdie spesifieke Skrifgedeelte, waarom ons land in só 'n geestelike toestand is. Wanneer ons na die res van die wêreld kyk, en ons pas hierdie selfde Skrif verwysing toe, besef ons onmiddellik waarom dié wêreld vandag, 2015; in so 'n gemors is. Hierdie spesifieke Skrif verwysing verklaar dat die wêreld YAHVAH, ons Elohim, se hand en mag gaan ervaar, omdat hulle NIE SY NAAM (YAHVAH) erken het nie, maar hulle het dit verander na "Here." Net gou 'n vraag: "Wie se naam staan op die toiletdeur van die mans by openbare toilette? Ja! U is reg! "Here." Hoe is dit moontlik dat dié NAAM wat al vir eeue op toilet deure verskyn, presies dieselfde is, as die NAAM wat veronderstel is om DIE NAAM VAN DIÉ ALLERHOOGSTE GOD (ELOHIM), IN MEESTE ENGELSE EN AFRIKAANSE BYBELS TE WEES? Maak dit vir u sin? Wag, dié groot skokke kom nog!

Eségiel 39 vers 7:

*(Vers 7): "En Ek (YAHVAH, julle Elohim), sal My Heilige NAAM bekend maak onder My volk Israel en sal MY HEILIGE NAAM nie meer laat onheilig nie; en die nasies sal weet dat Ek die HERE (let op dat die naam HERE," alles is met "hoofletters" gespél, om meer na die oorspronklike NAAM "YAHVAH," oor te beweeg, terwyl dít steeds 'n afgode, gods naam is, alhoewel dit met "Hoofletters" gespél is). En al die nasies sal weet dat Ek die "HERE" (YAHVAH), is, die Heilige in Israel."*

Wanneer ons later in diepte na al dié verskillende "name," en vertalings metodes gaan kyk, sal alles wat u nou reeds ervaar het, soos 'n legkaart inmekaar pas.

Psalms 83 vers 18 en 19:

*(Vers 18):“Laat hulle (wie al hierdie ongodelike veranderings toegelaat het), beskaamd staan en verskrik wees vir ewig, en laat hulle rooi van skaamte word, en omkom.”*

As skrywer, ervaar ek 'n vloek op hierdie spesifieke Skrif verwysing wat onherroeplik is, want die Koninkryk van YAHVAH, ons Elohim, word deur hierdie ongodelike veranderings beroof van SY GODDELIKE HEERLIKHEID, WAT DAAR IN DIÉ ANTIEKE HEBREËRSE GODDELIKE NAME OPGESLUIT IS! Die Woord van Elohim, verklaar: *“Julle bid en julle ontvang nie, omdat julle verkeerd bid.” Jakobus 4 vers 3.* Dalk het u vandag ontdek waarom dit meeste van die tyd voel, of daar nie antwoord op u gebede is nie. Hoe sal YAHVAH, ons Elohim, weet om te antwoord, wanneer Hy in afgode name, aangespreek word. Ek het gesê ons gaan in hierdie boek reguit met mekaar praat. Daar is net nie meer tyd vir mooi praatjies nie!

Kom ons lees nou Psalms 83 vers 19:

*(Vers 19):“Sodat hulle (wie al hierdie veranderings bewerkstellig het), kan weet dat U (YAHVAH, ons Elohim), wie se Naam “HERE” is, (let weer op, dat die naam “HERE” is weer alles met “Hoofletters” gespel.*

Die rede hiervoor is, omdat die vertalers vanuit DIE OORSPRONKLIKE HEBREËRSE TORA vertaal het, en DIE NAAM YAHVAH, alles met “Hoofletters” geskryf was, het die vertalers genoodsaak gevoel om dan dié naam HERE, ook alles met “Hoofletters” te skryf. Wanneer latere “Engelse” vertalings vanaf 1881 uit die Westcott en Hort se verdraaide en korrupte Nestlé Aland teks plaasvind, gaan u vind dat meeste van die plekke waar die naam HERE, met “Hoofletters” geskryf was, verander het na “Here” met “kleinletters” om aan te pas, by dié Rooms-Katolieke korrupte en verdraaide tekste van 1881. Later gaan ek meer sê met verwysing tot hierdie korrupte en verdraaide tekste, waaruit meeste van die hedendaagse Bybels in die wêreld vertaal is. Hierdie korrupte en verdraaide teks staan bekend as: **“THE UNITED BIBLE SOCIETY TEXTS.”** Hierdie is ook dieselfde teks waaruit ons eie 1983; en nou ook die 2016 Nuwe Afrikaanse “New Age” Bybelvertaling besig is om voort te vloei. Die eerste gedeelte van hierdie korrupte en verdraaide Afrikaanse Nuwe Bybelvertaling, naamlik die **“Nuwe Testament En Die Psalms”** het reeds op 9 April 2014 verskyn, naamlik dié proefgedeelte, of so beweer die Suid-Afrikaanse Bybelgenootskap, maar ek verstaan dat vele kerke gebruik hierdie korrupte en verdraaide Afrikaanse Bybel reeds as kansel Bybel! Hoe jammer, dat dié mens gewillig is om soos blinde skape agter blinde herders, aan te loop!

Kom ons keer terug na ons Skrifgedeelte:

Psalms 83 vers 19:

*(Vers 19):“Sodat hulle (hierdie mense wie die Heilige Naam van YAHVAH, ons Elohim, so korrup gemaak het), kan weet dat U (YAHVAH, ons Elohim), wie se Naam “HERE” (YAHVAH) IS, ALLEEN DIÉ ALLERHOOGSTE IS OOR DIE HELE AARDE.” (Selfs in hierdie 21ste eeu).*

Ek glo nie ek het nodig om enige iets meer hieroor te sê nie. U verstaan mos wat hier geskryf staan?



Kom ons lees ook:

Johannes 5 vers 43:

*(Vers 43):“Ek (YAHSHUA) het gekom in DIE NAAM VAN MY VADER (YAHVAH), en julle (Israel, en die oorgrote meerderheid van die Christelike bevolking van die wêreld, en selfs Suid-Afrika) neem My (YAHSHUA) nie aan nie. As ’n ANDER EEN in sy naam kom, HÓM sal julle (hier in Suid-Afrika, selfs in hierdie 21ste eeu) aanneem.”*

Wat vir my verstommend is, is die feit dat die oorgrote meerderheid van die wêreld, altyd eerder DIE LEUEN sal glo, as dié waarheid. Omdat ons in dié tyd van die GROOT AFVAL leef verbaas dit my nie, dat mense eerder ’n rede sal soek om nié die waarheid te glo nie, maar eerder dié leuen! Ek verstaan, dat die inligting in hierdie boek (dokument) vir u ook skokkend moet wees, en dat u heelwaarskynlik alles in u vermoë sal doen, om my verkeerd te bewys, wat natuurlik normaal is. Maar op een of ander stadium, moet ons die “WARE FEITE” erken, omdat DIE WOORD van YAHVAH, ons Elohim, die volgende verklaar.

Johannes 17 vers 17:

*(Vers 17):“Heilig hulle (naamlik die Bruid van YAHSHUA) in u (YAHVAH, ons Elohim, se) WOORD, U WOORD IS DIE WAARHEID.”*

Nadat ons dan so pas Johannes 5 vers 43 bestudeer het, begin ons verstaan in watter NAAM, YAHSHUA GEKOM HET! Ek gaan nou vir u ’n baie maklike tog ’n Goddelike uiteensetting van DIE GEOPENBAARDE NAME gee, om dít te vergemaklik terwyl ons dieper in hierdie spesifieke studie, gaan vorder.

Ek stel voor dat u skryf hierdie volgende paar verwysings af, sodat u dít byderhand kan hê, wanneer ons in diepte, dié OORSPRONG van die korrupte name gaan ondersoek.

- 1).Die Naam van Die Vader is: YAHVAH, ons Elohim. Omdat DIÉ NAAM “YHVH,” naamlik DIETETRAGRAMMATON, of eerder die “vier letter woord” ( 000000000000 ) nié uitgespreek kan word nie, omdat dít nie klinkers bevat nie.
- 2).Die name ELOHIM, of ADONI is die woorde wat in die algemeen deur die Hebreërs/Israel gebruik is, om te verwys na hulle GOD (ELOHIM), (Elohim), of ALLERHOOGSTE SKEPPER, van hemel en aarde, sonder dat hulle die woord YAHVAH, uitgespreek het. In die ROTHERHAM BYBEL, vind ons gereeld die NAME, “Elohim of Adoni” wat altwee verwysings is na dieselfde ALLERHOOGSTE, van Israel.
- 3).Die Naam van die Seun is: YAHSHUA. Hierdie NAAM het sy oorsprong uit die volgende. YAHVAH verwysend na die ALLERHOOGSTE SKEPPER van Hemel en aarde. Dan die woord SHUA. Die woord SHUA beteken: REDDER of VERLOSSER.
- 4). Hierdie twee NAME, word ook gekombineer as YAHVAH-SHUA, wat inwerklikheid beteken YAHVAH-REDDER of VERLOSSER.

- 5).Wanneer ons 1933 Afrikaanse Bybel die Name “Here Jesus Christus” gebruik, was dit volgens die “Antieke Oorspronklike Hebreëse” taal genoem: YAHVAHSHUA.
- 6).Wanneer ons in enige “Westcott en Hort Bybel,” die Naam “God” lees, weet ons onmiddellik dat dít inwerklikheid, Dié NAAM “YAHVAH,” (0000000000) is, wat weggelaat is, om plek te maak vir nét ’n titel. God weet u reeds, beteken net “voorwerp van aanbidding,” en is GEEN NAAM nie!

### OM DIT ALLES EENVOUDIG TE VERKLAAR ERKEN ONS:

- 1).YAHVAH, ons Elohim, as DIE ALLERHOOGSTE SKEPPER van hemel en aarde. (AS DIE VADER).
- 2).ELOHIM of ADONAY, is die woorde wat algemeen deur die Hebreërs of Israel gebruik was, om te verwys na hulle (GOD), Elohim, DIÉ ALLERHOOGSTE SKEPPER, sonder dat hulle die woord “YAHVAH,” uitgespreek het. In die ROTHERHAM BYBEL vind ons gereeld die NAME, “Elohim” of “Adoni” wat twee “verwysings” is, na dieselfde “ALLERHOOGSTE SKEPPER van hemel en aarde.”
- 3).YAHSHUA, (JESUS) as die VERLOSSER van die wêreld. (Naamlik DIE SEUN).
- 4). YAHVAHSHUA, (HERE JESUS) as DIÉ ALLERHOOGSTE-REDDER OF VERLOSSER van die wêreld.
- 5).MESSIAS as DIE CHRISTUS naamlik die verwagte Verlosser vir Israel.

Later in hierdie boek (dokument) gaan ek vir u nog ander belangrike inligting gee, met verwysing tot hierdie spesifieke gedeelte, wat ons so pas bespreek het. Die heel belangrikste is, dat hierdie vyf verwysings, diep in ons gees moet vas steek en wortel skiet.

Soos wat hierdie studie vorder, gaan u in u wese geskok word hoe die Rooms- Katolieke kerk, reeds vir eeue deur veranderings van tekste, manuskripte, alfabelle en Bybelvertalings, die korruptheid van meeste Bybels in die wêreld, bewerkstellig het! Daarom vind ons juis dít wat tans met hierdie Nuwe 2016 (New Age) Afrikaanse Bybelvertaling, besig is om plaas te vind! Lees gerus my boek teen hierdie 2016 (New Age) Afrikaanse Bybelvertaling: “*Waarom ’n Vierde Afrikaanse Bybelvertaling?*”

Volgens die Woord van Elohim, naamlik ons 1933 Afrikaanse Bybel, sal u in die volgende Skrif verwysings vind, dat by verskillende geleenthede gaan “HULLE,” (Ons wie nou, 2015; hier op hierdie aarde, IN HIERDIE GODDELIKE WAARHEID, LEER LEEF HET), ONS GAAN IN DIE HEMEL IN DIÉ GEOPENBAARDE NAME, VAN YAHVAH, ons Elohim, en YAHSHUA, op ons voorhoofde verseël word.

Kom ons lees:

Openbaring 14 vers 1:

*(Vers 1):“EN ek (Johannes) het gesien, en kyk, Die Lam (YAHSHUA), staan op die berg Sion, en saam met Hom honderd-vier-en-veertig duisend, met SY NAAM (YAHSHUA SE NAAM), EN DIÉ NAAM VAN SY VADER (YAHVAH, ons Elohim), op hulle voorhoofde geskrywe.”*

Ek dink hierdie Skrifgedeelte spreek vir homself?

Kom ons kyk na die volgende Skrifgedeelte:

Openbaring 22 vers 4:

*(Vers 4):“En hulle (naamlik die Bruid van YAHSHUA) sal Sy (naamlik die Lam se) aangesig sien, en SY NAAM (YAHSHUA) sal op hulle voorhoofde wees.”*

Het u nog nooit, terwyl u voorheen die boek Openbaring gelees het, gewonder watter NAAM op die voorhoofde van hulle, wie in die hemel by YAHVAH, ons Elohim, gaan wees, verseël gaan word nie? Nou het u nié meer nodig om te wonder nie, want u lees op hierdie oomblik, sekerlik een van dié grootste openbarings, in die Woord van Elohim.

Soos wat ons met hierdie studie gaan vorder, gaan u verstom staan wanneer u besef hoe die Rooms-Katolieke kerk, en die satan, deur sekere korrumperte alfabette, Bybelvertalings en Teksveranderings, die geslagte voor ons beroof het, van hierdie Goddelike Openbarings. EK PRYS DIÉ NAAM VAN YAHVAH, ONS ELOHIM, dat die skille van onkunde besig is om van ons oë, af te val!

U gaan agterkom dat ek in die res van hierdie studie, vernaamlik na drie verskillende “Engelse” Bybels gaan verwys, en dan ook na ons eie 1933 Afrikaanse Bybel, om sekere “stellings,” mee te vergelyk.

Om te verhoed dat ek nié onnodig spasie opneem nie, gaan ek nou vir u die verskillende afkortings vir hierdie Bybels, waarna ek gaan verwys, vir u gee. Omdat daar meer as 300 “Engelse” Bybels vandag, 2015; bestaan, is dit onmoontlik om na almal te verwys, en vir hierdie rede gebruik ek dan presies dieselfde Bybelverwysings, as: “THE RESTORATION OF THE ORIGINAL SACRED NAME BIBLE,” beter bekend as: “THE ROTHERHAM VERSION.”

Met elkeen van die Bybels wat ek as verwysing gaan gebruik, sal ek vir u “afkortings” gee. Tydens ons studie, gaan ek nié elke keer die volle naam van die Bybel wat ek na verwys vir u gee nie, maar net die “afkorting” wat na die spesifieke Bybelvertaling verwys.

## DIE BYBELS IS:

- **1). AMERICAN REVISED VERSION. (ARV).**(Vertaal uit die 1881 korrumperte en verdraaide teks, van Westcott en Hort, se Nestlé Aland teks).
- **2).NEW KING JAMES VERSION. (NKJV).**(Neem kennis, hierdie Bybel is NIE die 1611 King James Bybel nie, maar is ook vertaal uit die korrumperte en verdraaide 1881 teks, van Westcott en Hort, naamlik die Nestlé Aland teks).
- **3).AMERICAN STANDARD VERSION. (ASV).**(Hierdie Bybel is ook vertaal uit die 1881 korrumperte en verdraaide teks, van Westcott en Hort, se Nestlé Aland teks).
- **4).NEWBERRY BIBLE. (NBB).** (Hierdie Bybel is geweldig gewild onder mense, wie met Bybelvertalings te doen het. Hierdie Spesifieke Bybel, is ook vertaal uit Westcott en Hort se verdraaide en korrumperte teks, van 1881; naamlik die Nestlé Aland teks).

- 5).MOFFATT BIBLE.(MB).(Hierdie Bybelvertaling is ook vertaal uit die 1881 korrupte en verdraaide teks, van Westcott en Hort, se Nestlé Aland teks).

- 6).1611 KING JAMES VERSION, OR THE AUTHORIZED VERSION. (KJV).(Hierdie Bybelvertaling kom uit die 1522 teks van “Dedererus Erasmus,” naamlik die: “Textus Receptus Teks,” wat weer direk vertaal was uit dié Bisantynse teks, van die 2de eeu. Uit hierdie selfde teks, (naamlik die Textus Receptus van 1522) is ons eie 1933 Afrikaanse Bybel ook vertaal, omdat hierdie spesifieke teks vir meer as 400 jaar gereken was, as die mees korrekste en ware teks, omdat die Textus Receptus teks, sy oorsprong gekry het, uit dié 2de eeu se Bisantynse teks, wat vir meer as 1500 jaar gereken was as, die ENIGSTE WARE TEKS in die wêreld). Vir meer inligting oor hierdie spesifieke onderwerp, lees my boek: “Waarom ’n Vierde Afrikaanse Bybelvertaling.”

7).OU 1933 AFRIKAANSE VERTALING. (OAV).(Hierdie Afrikaanse Bybel is hoofsaaklik vertaal, uit die 1611 “Engelse” King James Bybel en die ou Nederlandse Statebybel, wat altwee weer vertaal was uit dié genoemde “Textus Receptus teks van Erasmus van 1522”.

8).ROTHERHAM BYBEL. (RB).(Soos u reeds weet, het hierdie spesifieke Bybel SY OORSPRONG UIT DIE OUDSTE OORSPRONKLIKE HEBREËRSE ALFABET VIR DIE TORA, EN OU TESTAMENT GEHAD. VIR DIÉ NUWE TESTAMENT VAN DIE ROTHERHAM BYBEL, IS DIE GRIEKSE BISANTYNSE TEKS NAAMLIK DIE TEXTUS RECEPTUS GEBRUIK. Hierdie gegewe inligting, maak hierdie spesifieke Bybel, sekerlik een van dié mees gerespekteerde Hebreëse (Ou Testament) en Griekse (Nuwe Testament) Bybels, op aarde, en daarom is sy gelyke sonder weerga. PRYS DIE NAAM VAN YAHVAH, ONS ELOHIM! Dat ons ook die voorreg het om hieruit te mag leer.

Nou wil ek u nooi, skryf hierdie agt Bybels se name, en hulle afkortings, op ’n papier neer, sodat u dít al die tyd byderhand kan hê terwyl u die res van hierdie boek lees. Wanneer ek as skrywer, dan net dié “afkortings” van sekere Bybelvertalings gebruik, is dit maklik vir u om net op u notas te kyk, en nié elke keer in u boek te moet terugblaai nie. Soos wat die boek vorder, gaan uself al die afkortings van die Bybelvertalings leer ken.

Skryf dit soos volg neer:

- 1). AMERICAN REVISED VERSION. (ARV).(Korrupte teks).

Skryf hulle almal net so neer.

- 2).1611 KING JAMES VERSION. (KJV). (Oorspronklike teks).

Skryf hulle almal nou verder so af.

Ek weet nie of u dit beseft nie, maar u het in hierdie spesifieke hoofstuk ’n magdom informasie ontvang. As u enigsins nié verseker is wat u hier gelees het nie, nooi ek u, om eerder nét weer hierdie spesifieke hoofstuk stadig deur te lees, omdat hierdie hoofstuk, een van die belangrikste boustene vir hierdie studie is, wat gaan bepaal of u aan die einde van hierdie boek die “Volle Openbaring” gaan ervaar, en of u hierdie boek in die asblik gaan gooi.

As u gereed is, ek is ook gereed dat ons hierdie studie verder kan neem? Waarom is dit só belangrik om in die regte NAME te bid?

In die volgende hoofstuk gaan u DIE KRAG VAN GEBED ervaar, wanneer dié regte NAME gebruik word, wanneer u bid.

#### 4. 2 DIÉ NAAM BO ELKE ANDER NAAM

Omdat ons vandag, 2015; in die tyd van die “groot leuen” leef, is dít lewensbelangrik om te weet, dat DIE NAAM waarin ons aanbid verseker die regte NAAM is. Daar is soveel “afgode name,” en verskillende godsdienste wat verwarring saai in mense se lewens. Ek dank YAHVAH, ons Elohim, vir Sy Geopenbaarde Woord, en die leiding van Sy RUACH ha KODESH (Heilige Gees), wie ons in hierdie 21ste eeu lei, en leer.

As gevolg van hierdie geestelike verwarring in die 21ste eeu, is dit vir my uiters noodsaaklik, dat elke stelling wat ek in hierdie spesifieke boek maak, deur die Woord van YAHVAH, ons Elohim, geondersteun en bevestig sal word. Vir hierdie rede gaan ek nou met u, ’n verskeidenheid Skrif verwysings deel. Dit is belangrik dat u sal oplet hoe elke Skrifgedeelte ’n werklikheid sal wees, asof YAHVAH, ons Elohim, self tot u spreek.

Dit is van kardinale belang, dat terwyl ons met hierdie gedeelte van ons studie besig is, dat ons ook ruimte skep vir DIE RUACH ha KODESH van YAHVAH, ons Elohim, sodat hierdie Goddelike Geopenbaarde Woord van YAHVAH, ons Elohim, ook wortel kan skiet in u lewe, en u nageslagte na u. Sonder dat u dít dalk besef, gaan die keuse wat u gaan maak, nadat u hierdie spesifieke boek gelees het, ’n definitiewe invloed hê op die geslagte na u, en hoé hulle Dié Geopenbaarde Woord van Elohim, in hul eie lewe gaan ervaar.

#### 4. 3 DIE NAAM VAN YAHVAHSHUA

Wanneer ons die volgende Skrif verwysings bestudeer, is dit noodsaaklik om op te let dat hier na YAHSHUA, verwys word, en nie nét die NAAM YAHSHUA, nie. Wanneer ons in DIÉ NAAM VAN YAHSHUA bid, of in DIÉ NAAM VAN YAHVAHSHUA, het dít in werklikheid “presies dieselfde betekenis,” omdat DIÉ NAAM YAHSHUA, DIÉ VOLLE NAAM VAN YAHVAH, ons Elohim, bevat, wat in dié verdraaide Bybels as “Here Jesus Christus,” voorkom. DIE NAAM YAH-SHUA, is dié voorste gedeelte van DIÉ NAAM VAN YAHVAH, ons Elohim, naamlik “YAH,” en dié tweede gedeelte van DIÉ NAAM wat “SHUA,” is, beteken in werklikheid “REDDER of VERLOSSER.” DIE NAAM “YAHVAH-SHUA,” beteken in werklikheid ook “YAHVAH, ONS ELOHIM.”

Wat in werklikheid ook beteken dat “YAHVAHSHUA,” ONS VERLOSSER, “YAHVAH,” ons Elohim, GEOPENBAAR IN DIÉ VLEES WAS! Wanneer ons DIÉ GODHEID VAN YAHSHUA, gaan behandel, sal u presies verstaan wat ek nou reeds in hierdie Skrif verwysing vir u probeer wys het. Hierdie Openbaring is sekerlik een van dié Grootste Openbarings in die Woord van Elohim, en daarom gaan ek later ’n hele Hoofstuk aan hierdie Goddelike onderwerp wei.

Kom ons lees verder.

Handelinge 4 vers 10 tot 12:

*(Vers 10):“...dat deur die Naam van Jesus Christus (YAHVAHSHUA), die Nasréner, wat julle gekruisig het, maar wat God (YAHVAH, julle Elohim), uit die dode opgewek het ...”*

*(Vers 11):“Hy (YAHSHUA), is die steen wat deur julle (naamlik die volk van Israel, die) bouers, verag is, wat ’n hoeksteen geword het.”*

*(Vers 12):“En die saligheid is in niemand anders nie, want daar is ook geen ander naam (naamlik YAHSHUA, of as u wil, YAHVAHSHUA), onder die hemel wat onder die mense gegee is, waardeur ons gered MOET word nie.”*

Die volgende Skrifgedeelte is sekerlik een van die bekendste gedeeltes, in die Bybel. Hierdie spesifieke Skrifgedeelte, word aan elke persoon voorgehou wanneer hy/sy, tot bekering gelei word.

Wanneer u dit nou in die (OAV) se Bybel lees, en ek plaas ook dié Antieke Hebreëse Geopenbaarde Name saam in dieselfde Skrifgedeelte, ervaar die Salwing van die RUACH ha KODESH (Heilige Gees), terwyl u besef wat in werklikheid hier geskryf staan.

Johannes 3 vers 16:

*(Vers 16):“Want so lief het God (of YAHVAH, ons Elohim), die wêreld gehad, dat Hy (YAHVAH, ons Elohim), sy eniggebore Seun (YAHSHUA), gegee het, sodat elkeen (van ons, selfs in hierdie 21ste eeu), wie in Hom (YAHSHUA), glo, nié verlore mag gaan nie, maar die ewige lewe kan (mag) hê.”*

Ek glo, dat hierdie Skrif verwysing vir u ook, geheel en al ’n nuwe betekenis gekry het. PRYS DIE NAAM VAN YAHVAHSHUA!

#### 4. 4 DIE NAAM BÓ ELKE ANDER NAAM

Filippense2 vers 9 tot 11:

*(Vers 9):“Daarom het God (Elohim), (YAHVAH, ons Elohim), Hom (YAHSHUA), ook uitermate verhoog, en Hom ’n naam gegee wat bo elke (ANDER) naam is.”*

*(Vers 10):“Sodat in die Naam van Jesus (YAHSHUA), sou buig elke knie van die in die hemel en die wat op die aarde en die wat onder die aarde is.”*

*(Vers 11):“En elke tong sou bely dat Jesus Christus (YAHVAHSHUA), die Here (YAHVAH), is tot heerlikheid van God (Elohim), (YAHVAH, ons Elohim, naamlik) die Vader.”*

In hierdie spesifieke Skrifgedeelte openbaar YAHSHUA reeds DIE GODHEID van YAHVAH, ons Elohim. Later in hierdie boek wanneer ons DIE GODHEID VAN YAHSHUA, gaan bestudeer, sal ek hierdie spesifieke Skrifgedeelte en vele ander in besonder bespreek.

Besef u, dat wanneer ons in DIE NAAM VAN YAHSHUA, OF IN DIE NAAM VAN YAHVAHSHUA, bid, bid ons sekerlik in een van DIE GODDELIKE NAME, wat ooit in die bestaan van enige mens gegee is, om in te bid. Besef u dat wanneer u in DIE NAAM VAN YAHSHUA, bid, dat u gelyktydig Elohim, die Skepper van Hemel en aarde aanbid, naamlik YAHVAH, EN SY SEUN YAHSHUA, as ons Verlosser?

Vir hierdie rede verkies ek as skrywer, dat wanneer ek bid, dan bid ek in DIE ENIGSTE NAAM, wat gegee is in die hemel en op die aarde, waardeur 'n mens werklik gered kan word, naamlik: "DIE NAAM YAHVAHSHUA! Dit bly natuurlik elke persoon se reg, om te bid in watter naam hy/sy wil. Al wat saak maak, IS DAT DAAR KONINKRYKWAARDE, KRAG, REDDING, EN EWIGE LEWE IS IN DIE NAAM VAN YAHVAHSHUA, ONS ENIGSTE REDDER IS, WANNEER ONS DAARIN BID. Daarom verklaar die Woord van Elohim: "Julle bid en ontvang nie, omdat julle verkeerd bid." (In die verkeerde name). Onthou wat ek as skrywer, reg in die begin van hierdie boek vir u gesê het. Elke "eie naam" gee identiteit en karakter aan dié persoon wie dit ontvang. Die Engel sê vir Maria: "Jy moet Hom YAHSHUA, noem want dit is Hy wat Sy volk (Israel) van hul sondes sal verlos. EMMÁNUEL, as dit vertaal word YAHVAH, julle Elohim, met ons." Dit bly steeds u keuse in watter Naam u wil bid. MAAR ÉK, EN MY HUIS: "ONS BID IN DIÉ NAME VAN YAHVAH, ONS ELOHIM, OF YAHVAH-SHUA, ONS ENIGSTE VERLOSSER EN REDDER! WAAROM? OMDAT ALTWEE HIERDIE GODDELIKE NAME PRESIES DIESELFDE BETEKENIS HET! DAAR IS BONATUURLIKE KRAG IN HIERDIE TWEE NAME, EN ELKE DEMONIESE GEES SIDDER WANNEER HIERDIE "HEILIGE NAME," GENOEM WORD!

Wanneer u nou die volgende Skrifgedeelte lees, sal u waarneem dat VADER YAHVAH, AAN YAHSHUA, DIÉ MEES GODDELIKE NAAM, in die hemel en op die aarde gegee het. Reeds voor dié grondlegging van die wêreld, en ook in die toekomstige, naamlik die 21ste eeu, of selfs later.

Efésiërs 1 vers 21 en 22:

*(Vers 21): "Bo alle owerheid en mag en krag en heerskappy en elke (ander) NAAM wat genoem word, NIE alleen in hierdie wêreld nie, maar ook in die toekomstige."*

*(Vers 22): "En Hy (YAHVAH, ons Elohim), het ALLE DINGE onder Sy voete (naamlik die Seun, YAHSHUA), onderwerp, en Hom (YAHSHUA), AS HOOF BO ALLE DINGE, aan die gemeente gegee."*

In die vervolg wanneer u bid, is dit ook u reg om in een van die HEILIGSTE NAME te bid, naamlik DIE NAAM VAN "YAHSHUA," wat onmiddellik in die hemel, op die aarde en onder die aarde (in die doderyk), erken en gevrees word! DIÉ NAAM BO ELKE ANDER NAAM!

#### 4. 5 DOEN ALLES IN MÝ NAAM

Alles wat u bid of vra, moet in geloof in DIE NAAM VAN YAHSHUA, gevra word. Wanneer u hierdie GODDELIKE GEOPENBAARDE NAAM VAN YAHSHUA noem, krimp elke demoniese gees inmekaar van vrees, want hulle weet dat u in DIE NAAM met die GROOTSTE OUTORITEIT bid, en hulle sidder en beef, by die aanhoor van hierdie ANTIEKE GODDELIKE NAAM VAN YAHSHUA, wat die Rooms-Katolieke kerk vir eeue kragteloos gemaak het, deur dít te noem: "Die Here Jesus Christus." U weet reeds dat in die Hebreëse Alfabet, bestaan daar nie die letter "J" nie. Die letter "J" is eers 400 jaar gelede deur die Rooms-Katolieke kerk, in die GRIEKSE Alfabet aangebring, om dít moontlik te maak dat die naam "Jesus Christus," in die Protestante Bybels invertaal kon word. As YAHSHUA, by u sou verbystap, en u sou roep; JESUS CHRISTUS! Sal Hy net aanhou loop, want HY ken nie daardie naam nie. Maar as u sou roep; YAHVAHSHUA! of YAHSHUA! Sal u Hóm onmiddellik tot stilstand dwing, want DÍT IS SY ANTIEKE NAAM wat die Profete Hom by genoem het! Besef u werklik hoeveel KRAG daar is in hierdie GODDELIKE NAME?

Wanneer ons nou hierdie volgende Skrifgedeelte bestudeer, ervaar hoe ons genoemde gesprek bevestig word deur die Woord van Elohim.

Kolossense 3 vers 17:

*(Vers 17):“En wat julle (naamlik die Bruid van YAHSHUA, selfs in hierdie 21ste eeu of later), ook al doen in woord en in daad, doen alles in die NAAM van die Here Jesus (YAHSHUA), en dank God (Elohim), DIE VADER, deur Hom.” (YAHSHUA).*

Verstaan u werklik wat u gelees het?

#### 4. 6 ONS MAG OOK BID IN DIÉ NAAM VAN YAHVAH

Psalms 118 vers 26 tot 28:

*(Vers 26):“Geseëndes Hy (YAHSHUA), wat kom in die Naam van die HERE! (YAHVAH ons Elohim)! Ons seën julle uit die huis van die HERE! (YAHVAH, julle Elohim).*

Die feit dat die Naam “HERE” net gespel is met “Hoofletter,” en nié net met ’n hoofletter “H” nie, bevestig weer die feit dat die vertalers van die 13de eeu, bewus was van die feit dat die Antieke Hebreeuse geskifte, YAHVAH, ons Elohim, geken het as dié enigste werklike manier, hoe DIE SKEPPER van hemel en aarde aangespreek was, en daarom die speling “HERE” net met hoofletters. WAAROM? WANT DIE NAAM “YAHVAH,” WAS OOK IN DIE ANTIEKE HEBREËRS NÉT MET HOOFLETTERS GESKRYF!

In die volgende twee vers gedeeltes vind u presies dieselfde manier, om die Naam HERE, te beskryf.

*(Vers 27):“Die HERE (YAHVAH, julle Elohim), is God (Elohim), en Hy het vir ons (Koning Dawid en sy mense) lig gegee. Bind die feesoffer met toue, tot by die horings van die altaar.”*

*(Vers 28):“U (YAHVAH, ons Elohim), is my God (of Elohim), en ek (Koning Dawid) sal U (YAHVAH), loof, o my God (Elohim), ek sal U (YAHVAH, my Elohim), verhoog.”*

Het u opgelet hoeveel keer het Koning Dawid, DIÉ NAAM YAHVAH, genoem in sy lofprysing. Wanneer ons in hierdie 21ste eeu tot YAHVAH, ons Elohim, of YAHSHUA, bid, mag ons ook nié nalaat om HIERDIE ANTIEKE HEBREËRSE GODDELIKE NAME te gebruik nie, want dít laat die satan en sy demone sidder en beef, terwyl daar volkome oorwinning is, in hierdie GODDELIKE GEOPENBAARDE NAME VAN YAHVAH, ons Elohim, en ook in DIE NAAM VAN YAHSHUA!

In die volgende Skrifgedeelte is dit belangrik om waar te neem, in watter NAAM die Israeliete YAHSHUA, verheerlik het.

Matthëüs 21 vers 6 tot 11:

*(Vers 6):“En die dissipels van (YAHSHUA, ons Elohim), het gegaan en gedoen soos Jesus (YAHSHUA), hulle bevel het.”*



*(Vers 7):“Hulle het die esel en die vul gevind en hul klere daarop gelê, en Hy (YAHSHUA), het daarop gaan sit.”*

*(Vers 8):“En die grootste deel van die skare het hul klere op die pad oopgegooi, en ander het take van bome afgekap en op die pad gestrooi.”*

*(Vers 9):“En die skare wat voor loop en die wat volg, het uitgeroep en gesê: Hosanna vir die Seun van Dawid! Geseënd is Hy (YAHSHUA), wat kom in die Naam van die Here! (YAHVAH, ons Elohim), Hosanna in die hoogste hemele.”*

Hierdie Skrifgedeelte is een van die gedeeltes in die Bybel, wat bewys dat die Rooms- Katolieke kerk dié naam “Jesus” self geskep het. Hierdie skare in vers 8 en 9 wat die donkie en haar vul gevolg het, WAS SEKERLIK ALMAL HEBREËRSE/JODE GEWEES. As skrywer, het ek reeds vir u bewys, dat die letter “J” nie in die Hebreëse Alfabet bestaan nie! Daarom was dít ONMOONTLIK dat die skare HOM kon besing as “Jesus,” soos wat dit in ALLE Protestante Bybelvertalings voorkom! Die Hebreërs Jode het nét Hebreeus gepraat, en daarom moes hulle verseker uitgeroep het: YAHSHUA! YAHSHUA! En nié die naam “JESUS” nie! Dít is seker duidelik genoeg vir u om te verstaan, of hoe?

*(Vers 10):“En toe Hy (YAHSHUA), in Jerusalem inkom, raak die hele stad in opskudding en sê: Wie is hierdie man.” (Wie sê u, is hierdie man?)*

Wat wonderbaarlik is, is die feit dat die skare wie YAHSHUA,

gevolg het presies SY NAAM geken het, maar dié geletterdes in Jerusalem het skielik nié geweet wie HY is nie, terwyl Hy, YAHSHUA, onder hulle opgegroeï het?

*(Vers 11):“En die skare (wie HOM gevolg het) sê: Dit is “Jesus,” (YAHSHUA), die profeet van Násaret in Galiléa.”*

U weet nou presies, waarom hulle HOM (YAHSHUA), en nié “Jesus,” kon genoem het nie!

Lukas 19 vers 37 en 38:

*(Vers 37):“En toe Hy (YAHSHUA), al naby die afdraand van die Olyfberg kom, begin die hele menigte dissipels om God (Elohim), (YAHVAH hulle Elohim) met blydschap te prys met ’n groot stem, oor al die kragtige dade wat hulle gesien het.” (Wat YAHSHUA, reeds gedoen het).*

*(Vers 38): “Terwyl hulle sê: Geseënd is die Koning (YAHSHUA), wat kom in die Naam van die Here (YAHVAH, hulle Elohim), vrede in die hemel en heerlikheid in die hoogste hemel!*

Het u opgelet, die Naam “Here,” is weer in hierdie versgedeelte met “klein letters” gespél? Is dít nie weer eienaardig nie? Hoe is dít moontlik dat veronderstelde geletterde Bybelvertalers, so onnosel kan wees? Was hulle werklik onnosel, of is dít nie presies wat reeds vir eeue met Bybelvertalings gebeur nie? Kry my boek: “*Waarom ’n Vierde Afrikaanse Bybelvertaling?*” En ervaar ook die korruptheid, en dié geestelike verkragting

van ons eie Suid-Afrikaanse Bybelgenootskap, met dié spesifieke vertaling van die 1983 Afrikaanse Bybel, en nou weer met dié vertaling van die korrupte en verdraaide Nuwe 2016 “New Age” Afrikaanse Bybel!

#### 4. 7DIE KIND ONTVANG DIE VADER SE NAAM (OF VAN)

Wanneer u Matthëüs 7 vers 5 tot 13 lees, sal u vind dat YAHSHUA, Sy dissipels leer bid. Kyk mooi na vers 9.

Matthëüs 7 vers 9:

*(Vers 9):“Só moet julle bid: Onse Vader (YAHVAH, ons Elohim), wat in die hemele is, laat u Naam (YAHVAH, ons Elohim), geheilig word.”*

U is lankal reeds bewus dat DIE VADER SE NAAM YAHVAH, ONS ELOHIM, IS SY NAAM EN DIT IS VERSEKER NIÉ VADER, NIE! Wanneer vers 9 sê: “Laat U Naam geheilig word,” beteken dit nié dit is hoe ons veronderstel is om dit te bid nie! Hulle wie nié in die GEOPENBAARDE NAME leef nie, kan só bid, maar ons wie in DIE GODDELIKE GEOPENBAARDE NAME LEEF, MOET BID: “LAAT U NAAM YAHVAH, ONS ELOHIM, GEHEILIG WORD.

In hierdie volgende Skrifgedeeltes gaan u ervaar hoe YAHSHUA, SY VADER SE NAAM “YAHVAH,” gaan openbaar.

Johannes 17 vers 4 tot 12 en vers 26:

*(Vers 4):“Ek (YAHSHUA), het U (YAHVAH, My Elohim), verheerlik op aarde. Die werk wat U (YAHVAH, my Vader), My (YAHSHUA), gegee het om te doen het Ek (YAHSHUA), gedoen.”*

*(Vers 5):“En nou Vader (YAHVAH), verheerlik My (YAHSHUA), by Uself met die heerlijkheid wat Ek (YAHSHUA), by U (YAHVAH, My Elohim), gehad het, voordat die wêreld was.”*

Kyk nou hoe verklaar, en kombineer, YAHSHUA, SY NAAM, EN DIÉ NAAM VAN SY VADER, YAHVAH, SAAM.

*(Vers 6):“Ek (YAHSHUA), het U (YAHVAH, My Elohim), geopenbaar aan die mense (selfs ook in hierdie 21ste eeu), wat U (YAHVAH, My Elohim), My (YAHSHUA), uit die wêreld gegee het. Hulle (naamlik die Bruid) het aan U (YAHVAH, My Vader), behoort, en U (YAHVAH, My Elohim), het hulle aan My (YAHSHUA), gegee, en hulle (naamlik die Bruid van YAHSHUA), het U woord bewaar.”*

Volgens hierdie spesifieke versverwysing is dit nét die Bruid van YAHSHUA, wat YAHVAH, ons Elohim, se Woord rein sal bewaar, en doen wat YAHVAH, ons Elohim, van ons verwag, om te doen. Die mense wie in hierdie 21ste eeu steeds in die duisternis is KAN DIT “NIE” DOEN NIE!

*(Vers 7):“Nou weet hulle (naamlik die Bruid van YAHSHUA, ook in hierdie 21ste eeu), dat ALLES wat U (YAHVAH, My Vader), My (YAHSHUA), gegee (en gewys) het, van U (YAHVAH, My Vader), kom.”*

*(Vers 8):“Want die WOORD (van die ewige lewe) wat U (YAHVAH, My Vader), aan My (YAHSHUA), gegee het, het Ek (YAHSHUA), aan hulle (ook die Bruid van die 21ste eeu) gegee; en hulle het dit ontvang en waarlik erken dat Ek (YAHSHUA), van U (YAHVAH My Vader), uitgegaan het, en hulle (naamlik My Bruid) het geglo dat U (YAHVAH, My Vader), My (YAHSHUA), gestuur het.”*

Kyk hoe dank YAHSHUA, Sy Vader YAHVAH, vir hulle wie tot die GEOPENBAARDE GODDELIKE NAME, en die kennis gekom het.

*(Vers 9):“Ek (YAHSHUA), bid vir hulle (naamlik My Bruid); Ek (YAHSHUA), bid nie vir die wêreld (WIE NIÉ DIE GEOPENBAARDE NAME KEN)NIE. Vir DIÉ (naamlik die Bruid) wat U (YAHVAH, My Vader), My (YAHSHUA), gegee het, OMDAT HULLE (WIE TOT DIE GEOPENBAARDE WAARHEID GEKOM HET), aan U (YAHVAH, My Vader) behoort.”*

*(Vers 10):“Want alles wat myne is, is uwe; en wat uwe is, is myne; en Ek (YAHSHUA), is in hulle (naamlik My Bruid) verheerlik.”*

*(Vers 11):“En Ek (YAHSHUA), is nie meer in die wêreld nie, maar hulle (naamlik My Bruid) is in die wêreld; en Ek (YAHSHUA), kom na U (YAHVAH, My Vader) toe. Heilige Vader, bewaar in U Naam (Wat is dié Naam? DIE NAAM IS YAHVAH, ons Elohim), die (Bruid) wat U My (YAHSHUA), gegee het, sodat hulle (My Bruid) een kan wees net soos Ons.” (Een is, naamlik, YAHVAH, My Vader, en YAHSHUA).*

*(Vers 12):“Toe Ek (YAHSHUA), saam met hulle (naamlik My dissipels) in die wêreld was, het Ek (YAHSHUA), hulle in U Naam (DIE NAAM YAHVAH, My Elohim), bewaar.”*

*(Vers 26):“En Ek (YAHSHUA), het U Naam (DIE NAAM, YAHVAH), aan hulle (naamlik My dissipels, en ook die Bruid in die 21ste eeu) bekend gemaak, en sal dit (weer) bekend maak, sodat die liefde waarmee U (My Vader, YAHVAH), My (YAHSHUA), liefgehad het, in hulle kan wees, en Ek (YAHSHUA), in hulle.” (Naamlik My Bruid).*

Na hierdie spesifieke gedeelte van ons studie, is ons nou verseker dat die kinders (naamlik die Bruid van YAHSHUA), Sy NAAM sal ontvang, net soos Hy (YAHSHUA) SY VADER SE NAAM “YAHVAH,” ontvang het!

Nadat ons, as deel van die Bruid van YAHSHUA, nou verseker is dat ons SY NAAM, deelagtig geword het toe ons tot wedergeboorte gekom het, volgens Johannes 3 vers 1 tot 11; plaas dit ons, elkeen wie hierdie GODDELIKE GEOPENBAARDE NAME KEN, in die unieke posisie, om hierdie GODDELIKE NAME te gebruik, wanneer ons met ander mense praat, of bid! PRYS DIE NAAM VAN YAHSHUA!

#### **4. 8 ROEP MY NAAM AAN**

In hierdie volgende Skrif verwysing moet u oplet hoe die Naam “HERE,” alles met “hoofletters” gespel word, wat weer bevestig, dat die vertalers geweet het dat die NAAM “YAHVAH,” ALLES MET HOOFLETTERS GESKRYF WAS, en daarom skryf hulle ook die Naam “HERE,” alles met hoofletters!

Jeremia 33 vers 2:

*(Vers 2):“So spreek die HERE (YAHVAH, ons Elohim), wat dit doen, die HERE (YAHVAH, ons Elohim), wat dit formeer om dit te bevestig, HERE (YAHVAH, ons Elohim), is sy Naam.”*

Kyk onmiddellik na die laaste gedeelte van hierdie versgedeelte.

Dit sê: “HERE is sy Naam.” Kyk na die woord “sy” Naam. Eers word die woord “HERE,” alles met “hoofletters” gespél, en dan kom die vertalers en verkleineer YAHVAH, ons Vader, deur die woord “sy” met “kleinletters te spel. Hulle is veronderstel om elke keer, wanneer daar na YAHVAH, YAHSHUA, YAHVAHSHUA of RUACH ha KODESH verwys word, dít met ’n “ HOOFLETTERS” te spel!

Handelinge 4 vers 7 en 10:

*(Vers 7):“En toe hulle (naamlik die Sadduseërs) hul (naamlik Petrus en Johannes) voorgebring het, vra hulle (naamlik die Hoëpriester) vir hulle; deur watter MAG en deur watter NAAM het julle dit (hierdie Goddelike genesing) gedoen?”*

*(Vers 10):“Laat dit bekend wees aan julle (Sadduseërs) almal, en aan die hele volk van Israel, dat deur die Naam van Jesus Christus (YAHVAHSHUA), die Nasaréner, wat julle gekruisig het, maar wat God (YAHVAH, ons Elohim) uit die dode opgewek het, dat deur Hom (YAHSHUA), hierdie man gesond voor julle staan.”*

In die volgende versgedeelte sal u ervaar hoe Moses, self DIE NAAM VAN YAHVAH, sy Elohim, uitgeroep het.

#### 4. 9YAHVAH BEVESTIG WEER SY NAAM

Exodus 34 vers 5 en 6:

*(Vers 5):“En die HERE (YAHVAH, hul Elohm), het neergedaal in die wolk en daar by hom (Moses) gestaan. En hy (Moses) het DIE NAAM van die HERE (YAHVAH, sy Elohim), uitgeroep.”*

*(Vers 6):“En toe die HERE (YAHVAH, sy Elohim), by hom (Moses) verbygaan, het hy uitgeroep:*

*HERE, HERE (YAHVAH, YAHVAH), ’n barmhartige en genadige God (Elohim), (Elohim),lankmoedig en groot van goedertierenheid en trou.”*

Moses kon nooit dié Naam HERE, HERE uitgeroep het nie, want die Hebreërs het nié die Naam HERE geken nie, MAAR NÉT DIE OORSPRONKLIKE ANTIEKE GODDELIKENAAM VAN YAHVAH, HUL ELOHIM!

Kyk hoe verklaar YAHVAHSHUA, SY VADER SE NAAM, in die volgende Skrifgedeeltes.

Johannes 17 vers 6:

*(Vers 6):“Ek (YAHSHUA), het U Naam (DIE NAAM YAHVAH, Sy Elohim), geopenbaar aan die mense (naamlik My Bruid) wat U (YAHVAH, My Vader), My (YAHSHUA), uit die wêreld gegee het. Hulle het aan U (YAHVAH, My Vader,) behoort, en U het hulle aan My (YAHSHUA), gegee, en hulle (naamlik My Bruid), het U WOORD bewaar.” (En daarom het YAHVAH, ons Vader, voorsien, dat DIÉ ANTIEKE GODDELIKE HEBREËRSE NAME, ook aan u as leser geopenbaar moes word).*

Sonder dat u dit dalk werklik besef, het YAHVAH, ons Elohim, ’n spesiale plan met u, en daarom het Hy voorsien dat hierdie spesifieke boek in u hand moes eindig! Met die Bruid van YAHSHUA, gebeur absoluut

NIKS per toeval nie, YAHVAH, ons Elohim, het 'n Goddelike plan met elkeen van ons! Die vraag is net. Waar pas u in?

Johannes 17 vers 26:

*(Vers 26):“En Ek (YAHSHUA), het U Naam (YAHVAH, My Elohim), aan hulle (naamlik My Apostels) bekend gemaak, en sal dit (ook in die 21ste eeu, aan My Bruid) bekend maak, sodat die liefde waarmee U (YAHVAH, My Vader), My (YAHSHUA), liefgehad het, in hulle (naamlik My Bruid) kan wees, en Ek (YAHSHUA), in hulle.” (Deur Dié RUACH ha KODESH).*

Romeine 10 vers 12 en 13:

*(Vers 12):“Want daar is geen onderskeid tussen Jood en Griek nie; dieselfde HERE (kyk alles is weer hoofletters, naamlik YAHVAH, ons Elohim), tog is HERE (weer hoofletters, YAHVAH, ons Elohim), van almal en is ryk oor almal wat Hom (YAHVAH, ons Elohim), aanroep.”*

*(Vers 13):“Want” Elkeen wat die Naam van die HERE (YAHVAH, ons Elohim), aanroep, SAL GERED WORD.” Die Woord van Elohim, verklaar: “Dit is nie elkeen wat sê: “HERE, HERE wat sal ingaan (in die hemel by YAHVAH, ons Elohim), nie, maar hulle wat die wil van My Vader (YAHVAH, My Elohim), doen.”*

Hierdie volgende Skrifgedeelte is vir my, as skrywer, sekerlik een van dié Goddelike Skrifgedeeltes, wanneer YAHVAH, ons Elohim, self verklaar, HOE HY AAN SY SEUN YAHSHUA, DIE MEES GODDELIKE NAAM GEGEE HET, wat nog ooit aan enige engel, of mens gegee was. Terwyl u hierdie gedeelte bestudeer, ervaar die Salwing van YAHVAH, se RUACH. (GEES ASEM).

#### **4. 10DIE SEUN ERF DIÉ MEES GODDELIKE NAAM IN DIE HEMEL**

Hebreërs 1 vers 1 tot 6:

*(Vers 1):“NADAT God (YAHVAH, ons Elohim) baie keer en op baie maniere in die ou tyd gesprek het tot die vaders deur die profete, het Hy (YAHVAH, ons Elohim), in die laaste dae tot ons (naamlik die Bruid van YAHSHUA), gesprek deur die Seun.” (YAHSHUA).*

*(Vers 2):“Wat Hy (YAHVAH, ons Elohim), as “erfgenaar van alles” aangestel het, deur wie Hy (YAHVAH, ons Elohim), ook die wêreld gemaak het.”*

*(Vers 3):“Hy (YAHSHUA), wat die afskynsel (of blou druk) is van Sy (YAHVAH, ons Elohim), se heerlijkheid, en die afdruksel (of duplikaat) van Sy (YAHVAH, ons Elohim, se) wese, en “alle dinge dra” deur die Woord van Sy (YAHVAH, ons Elohim, se) krag, nadat Hy (YAHSHUA), deur Homself die reiniging van ons sonde (wat ook al mag wees) bewerk het, het (Hy, YAHSHUA), gaan sit aan die regterhand van die Majesteit (van Sy Vader, YAHVAH) in die hoogte.” (Of eerder, die hemel).*

*(Vers 4):“Terwyl Hy (YAHSHUA), soveel uitnemender geword het as die engele namate Hy (YAHSHUA), 'n voortreflike NAAM geërf het as hulle.” (Naamlik die ander engele in die hemel).*

*(Vers 5):“Want aan wie van die (ander) engele het Hy (YAHVAH, die skepper van hemel en aarde) ooit gesê: U (YAHSHUA), IS MY SEUN, vandag het Ek (YAHVAH,U Elohim), U gegeneer? (Die woord “gegeneer,” beteken, verhoog), en weer: Ek (YAHVAH, U Elohim), sal vir Hom (YAHSHUA), ’n Vader wees, EN HY(YAHSHUA), SAL VIR MY N SEUN WEES.”*

*(Vers 6):“En wanneer Hy (YAHVAH, ons Elohim), weer die Eersgeborene (YAHSHUA, SY SEUN) in die wêreld inbring (tydens die Wederkoms van YAHSHUA, vir Sy Bruid), sê Hy (YAHVAH, ons Elohim), En al die engele van God (YAHVAH, ons Elohim), moet Hom (YAHSHUA), aanbid.”*

Ek wonder hoe is dít moontlik dat enige persoon wie hierdie GODDELIKE OPENBARING gelees het, nog kan twyfel aan die egtheid van HIERDIE ANTIEKE HEBREËRSE GODDELIKE NAME. Die Woord verklaar: *“Baie sal kom en sê in U NAAM (watter naam?) het ons duiwels uitgedryf, en siekes gesond gemaak, en Hy (YAHVAH, ons Elohim), sal sê: Gaan weg jou vervloekte, Ek (YAHVAH, die Skepper van hemel en aarde) KEN JOU NIE.”* Hoe verskriklik gaan dít nie wees nie? Besef u, watter groot taak rus daar op u en my, om hierdie GODDELIKE OPENBARING by ons kinders, vriende, skole, kerke, in Suid-Afrika en die res van wêreld, uit te kry, VOOR DIÉ WEDERKOMS VAN YAHSHUA,VIR SY BRUID GAAN PLAASVIND!

#### **4. 11YAHSHUA, VERKLAAR SY VADER YAHVAH, SE NAAM OOK IN DIÉ OU TESTAMENT**

Matthëus 4 vers 4:

*(Vers 4):“Maar Hy (YAHSHUA), antwoord en sê: Daar is (ook reeds in die Ou Testament) geskrywe: Die mens sal nie van brood alleen lewe nie, maar van elke woord wat deur die mond van God (YAHVAH, ons Elohim), uitgaan.”*

Kyk nou hoe bevestig die Woord van Elohim homself in die Ou Testament.

Deuteronómium8 vers 3:

*(Vers 3):“En Hy (YAHVAH, ons Elohim), het jou (Israel) verootmoedig en jou laat hongerly en jou (Israel) die manna laat eet wat jy jou vaders nie geken het nie, om jou (Israel) bekend te maak dat die mens nie van brood alleen lewe nie, maar dat die mens lewe van alles wat uit die mond van die HERE (YAHVAH, jou Elohim), uitgaan.” (Let weer op dat die woord HERE alles met “Hoofletters,” gespel is).*

Is dít nie wonderlik dat wat YAHVAH, ons Elohim, in die Ou Testament gesê het, presies woord vir woord deur YAHSHUA, in die Nuwe Testament bevestig word nie. Hoe het YAHSHUA presies geweet wat Sy Vader YAHVAH, gesê het, as Hy nié self teenwoordig was nie?

In die volgende Skrif verwysings is dit belangrik om weer op te let hoe die Naam HERE, alles met “hoofletters,” gespel is.

Matthëus 4 vers 7:

*(Vers 7):“Jesus (YAHSHUA), sê vir hom (naamlik die satan): Daar is óók geskrywe: Jy mag die HERE (YAHVAH), jou God (jou Elohim) nie versoek nie.”*

Deuteronomium 6 vers 16:

*(Vers 16):“Julle (Israel) mag die HERE (YAHVAH), julle God (julle Elohim) nie versoek soos hulle Hom (YAHVAH, julle Elohim), by Massa versoek het nie.”*

Matthëüs 4 vers 9 en 10:

*(Vers 9):“En sê vir Hom (YAHSHUA): Al hierdie dinge sal ek (die Satan) aan U (YAHSHUA), gee as U neerval en my (satan) aanbid.”*

*(Vers 10):“Toe se Jesus (YAHSHUA) vir hom. Gaan weg, satan! Want daar staan geskrywe: Die HERE (YAHVAH), jou God (jou Elohim) moet jy aanbid en Hom (YAHVAH), alleen dien.”*

Deuteronomium 6 vers 13:

*(Vers 13):“Jy (Israel) moet die HERE (YAHVAH), jou God (jou Elohim) vrees en Hom (YAHVAH, julle Elohim), dien; en by Sy Naam (YAHVAH, jou Elohim), moet jy sweer.”*

In hierdie gedeelte van ons studie het ons ervaar hoe YAHSHUA, aanhoudend SY VADER SE NAAM YAHVAH, verklaar het.

In die volgende gedeelte van ons studies sal u waarneem, hoe hier deur verskillende Skrifgedeeltes bevestig word dat YAHVAH, ons Elohim, aanhoudend nét in die Hebreeuse taal tot mense gespreek het. Weereens moet ek u aandag vestig, op die gebruik van “Hoofletters,” in dié Skrifgedeeltes.

#### 4. 12 YAHVAH VERKLAAR SY NAAM IN DIE HEBREEUSE TAAL

Handelinge 26 vers 14 en 15:

*(Vers 14):“En toe ons (Saul, en die ander saam met hom) almal op die grond val, hoor ek (Saul) ’n stem met my spreek en in die HEBREEUSE taal sê: Saul, Saul, waarom vervolg jy My (YAHSHUA), Dit is hard vir jou om teen die prikkels te skop.”*

Die Skrifgedeelte sê nie, dat die stem in GRIEKS met Saul gespreek het nie, maar HEBREËRS. Terwyl ons nou verseker is dat die stem in Hebreeus gepraat het, weet ons ook verseker, dat die stem NIE die naam “Jesus,” sou gebruik het nie, want soos u lankal reeds weet, is daar NIE ’n “J” in die Antieke Hebreeuse Alfabet nie.

Let nou baie mooi op na die bewoording van die volgende vers gedeelte, waar Saul geantwoord word.

*(Vers 15):“Toe sê ek (Saul): Wie is U, HERE? (Let op na die “Hoofletters). Wie is U, HERE? (of eerder YAHVAH), En Hy sê: Ek is Jesus (YAHSHUA), wat jy vervolg.”*

Met die lees van hierdie Skrif verwysing, het ons nét weer die korruptheid van die Rooms-Katolieke Bybelvertalers ervaar, wanneer hulle die Naam “Jesus,” gebruik, in plaas van DIE NAAM “YAHSHUA.”

Handelinge 22 vers 2; 7; 8:

*(Vers 2):“En toe hulle (naamlik die Jode) hoor dat hy (Apostel Paulus) hulle in die HEBREEUSE TAALTOESPREEK (NIE GRIEKSE TAAL NIE), was hulle nog stiller. En hy sê....”*

Weereens bevestig hierdie Skrifgedeelte, dat die Hebreërs/Jode in die tyd van YAHSHUA, hoofsaaklik HEBREEUS gepraat het. Daarom sou hulle NIE die Naam “Jesus” gebruik het nie, want die “J” het NIE in die Hebreërse Alfabet bestaan nie. Terwyl hierdie Skrif verwysing uitdruklik verklaar, dat Apostel Paulus het hulle in DIE HEBREEUSE TAAL toegesprek het!

Handelinge 9 vers 5:

*(Vers 5):“En hy (Saul) sê: Wie is U, HERE (GRIEKS) (YAHVAH, [HEBREEUS]), en die HERE (GRIEKS)(of eerder YAHVAH, [HEBREEUS), antwoord: Ek is “Jesus” (GRIEKS, of YAHSHUA, HEBREEUS) wat jy vervolg. Dit is hard vir jou om teen die prikkels te skop.”*

Die vraag moet sekerlik wees. Wie lieg, die Woord van Elohim, of die Rooms -Katolieke Bybelvertalers? Wat sê u? Neem tog net weer kennis, HY KON NIÉ DIE NAAM “Jesus” GEHOOR HET NIE, WANT DIE “J” IN DIE NAAM “Jesus,” KOM NIÉ IN DIE HEBREËRSE ALFABET VOOR NIE, MAARDIE NAME IS YAHSHUA, of veel eerder DIE NAAM YAHVAHSHUA.

#### **4. 13 HEILIG IS MY NAAM YAHVAH**

Psalms 111 vers 9:

*(Vers 9):“Hy (YAHVAH, hul Elohim), het aan Sy volk(Israel) verlossing gestuur; Hy (YAHVAH, hul Elohim), het sy verbond vir ewig ingestel; SY NAAM (YAHVAH), IS HEILIG, EN VREESLIK.”*

Jesaja 57 vers 15:

*(Vers 15):“Want so sê die Hoë en Verhewene (YAHVAH, julle Elohim), wat in die ewigheid woon, HEILIG IS SY NAAM.” (WATTER NAAM? DIE NAAM YAHVAH, hul Elohim).*

Wanneer die Skrifgedeelte sê “HEILIG IS SY NAAM, beteken dit nét weer, dat DIÉ NAAM YAHVAH, HEILIG IS.

Ek glo dat hierdie Skrifgedeeltes spreek vir hulself.

#### **4. 14 MÝ NAAM IS NÍ STERK TORING**

Spreuke 18 vers 10:

*(Vers 10):“Die Naam van die HERE (GRIEKS of eerder YAHVAH, HEBREEUS) is ’n sterk toring; die regverdiges (ook ons in hierdie 21ste eeu) hardloop daarin en word beskut.”*

In hierdie lewe is daar verseker niks, wat bestand is teen die NAAM VAN YAHVAH, ons Elohim, nie. Die feit dat selfs ons, in hierdie 21ste eeu beskut is soos in ’n sterk toring, terwyl ons toevlug vind in HIERDIE GODDELIKE ANTIEKE NAAM VAN YAHVAH, ONS ELOHIM!



In die volgende Skrifgedeeltes sal u vind dat die volk Israel, gereeld die NAAM VAN YAHVAH uitgeroep het in hul stede, asook vir beskerming.

#### 4. 15 DIE MENSE SAL SY NAAM KEN

Daniël 9 vers 19:

(Vers 19):“HERE, (YAHVAH, ons Elohim), hoor! HERE, (YAHVAH, ons Elohim), vergeef! HERE, (YAHVAH, ons Elohim), merk op en doen dit, vertoef tog nie, om U ontwil, my God (Elohim); want u Naam (YAHVAH, ons Elohim), is oor u stad (Jerusalem) en u volk (Israel) uitgeroep.”

Openbaring 3 vers 12:

*(Vers 12):“Wie oorwin (naamlik die Bruid van YAHSHUA), Ek (YAHSHUA), hom (haar) ’n pilaar maak in die tempel van My God (Elohim) maak, en hy (sy) sal daar nooit weer uitgaan nie; en Ek (YAHSHUA), sal op hom (haar), die Naam van my God (YAHVAH, My Elohim), skrywe en die naam van die stad van my God (YAHVAH, my Elohim), van die nuwe Jerusalem, wat uit die hemel van God (Elohim), neerdaal, en My (YAHSHUA, se) nuwe Naam.”*

Die Bybel verklaar nie wat hierdie NUWE NAAM VAN YAHSHUA, sal wees nie. In die volgende Skrifgedeelte openbaar YAHVAH, ons Elohim, SY NAAM aan Sy volk.

#### 4. 16 MY VOLK SAL MY NAAM KEN

2 Kronieke 7 vers 13 en 14:

*(Vers 13):“As Ek (YAHVAH, julle Elohim), die hemel toesluit, dat daar geen reën is nie, of as Ek (YAHVAH, julle Elohim,) die sprinkaan beveel om die land af te vreet, of as Ek (YAHVAH) pes onder my volk (Israel) stuur.”*

*(Vers 14):“En My volk (Israel, en ook die Bruid van YAHSHUA, in die 21ste eeu), oor wie my Naam (YAHVAH, jul Elohim), uitgeroep is, hulle verootmoedig en bid en My (YAHVAH, julle Elohim, se) aangesig soek en hulle bekeer van hul VERKEERDE weë, dan sal Ek (YAHVAH, julle Elohim), uit die hemel hoor en hulle sonde vergewe, en hulle land (ook Suid-Afrika) genees.”*

#### 4. 17 DIE BRUID WORD OOK VERSEËL IN SY NAAM

Openbaring 14 vers 1:

In die volgende hoofstuk gaan u ontdek hoe DIÉ MEES HEILIGSTE NAME IN ONS BYBELS, vir eeue deur verskillende korrupte Bybelvertalings, Alfabette, Manuskripte, en Tekste, deur die Rooms-Katolieke kerk, vanaf 100 n.C. tot vandag, 2015; verkrag en onherkenbaar vermink is, sodat honderde geslagte onskuldige mense, na hul graf is, sonder dat hulle óóit eers geweet het, WAT DIE GODDELIKEANTIEKE GEOPENBAARDE NAAM VAN YAHVAH, ONS ELOHIM, YAHVAHSHUA, EN RUACH ha KODESH IS!

*(Vers 1):“EN ek (Johannes het gesien, en kyk, daar staan die Lam (YAHSHUA), op die berg Sion, en saam met Hom honderd vier en veertig duisend met Sy Naam (YAHSHUA), en die Naam van sy Vader (YAHVAH, Sy Vader), op hulle voorhoofde geskrywe.”*

Waarom is hierdie 144000 Jode verseël met DIE NAAM VAN YAHVAH, HUL ELOHIM, op hul voorhoofde! In watter NAAM gaan die Bruid van YAHVAHSHUA, ook eendag in die hemel verseël word? DIE NAAM VAN YAHVAH, ons Elohim!

Kyk nou na die volgende Skrif verwysing, hoe word dít wat ek so pas gesê het, weer deur die Woord van Elohim, bevestig.

Openbaring 22 vers 4:

*(Vers 4):“En hulle (naamlik die Bruid van YAHSHUA), sal Sy (YAHVAH ons Elohim, se) aangesig sien en Sy Naam (YAHVAH, julle Elohim), sal op hulle voorhoofde wees.”*

Watter wonderlike voorreg sal dít nie wees, wanneer elkeen van die Bruid van YAHVAHSHUA, die voorreg sal hê, om met DIE MEES HEILIGSTE NAAM, DIÉ NAAM VAN YAHVAH, ONS ELOHIM, verseël te word, as deel van ons beloning, omdat óns reeds op hierdie aarde, in hierdie 21ste eeu, IN DIE ALLERHEILIGSTE, GODDELIKE, ANTIEKE GEOPENBAARDE NAME GESKOOL IS, EN DAG VIR DAG HIERIN LEEF! PRYS DIE NAAM VAN YAHVAHSHUA!

Nadat ons nou, elkeen van hierdie belangrike Skrifgedeeltes bestudeer het, IS ONS VERSEKER WAT HIERDIE ANTIEKE GODDELIKE NAME WERKLIK BETEKEN, EN OOK DIÉ OUTORITEIT EN KRAG WAT HIERIN OPGESLUIT IS!

Ervaar die beloftes wat YAHVAH, ons Elohim, vir ons ingedagte het.

Filippense 4 vers 19:

*(Vers 19):“En my God (Elohim ons Vader, YAHVAH), sal elke behoefte van julle (selfs ook indie 21ste eeu vervul na Sy (YAHVAH, ons Elohim), se rykdom in heerlijkheid, in Christus Jesus.”(In YAHVAHSHUA, ons Saligmaker en redder se NAAM).*

Uit hierdie bestudeerde hoofstuk het ons tot die gevolgtrekking gekom, dat met al die korrupte vertalings, tekste, alfabette en manuskripte, die Rooms-Katolieke kerk dít vervolmaak het, om geslagte onskuldige mense te laat met name in Bybels, wat inwerklikheid van alle gesag, outoriteit en mag gestroop is. Wat u as leser, wel ontdek het, is dat daar sonder twyfel deur die Woord van Elohim, bewys is, dat daar GEEN ANDER NAME bestaan, waardeur ons in hierdie 21ste eeu, en enige ander persoon selfs in die leeftyd van YAHSHUA, 2000 jaar gelede, gered kon word behalwe deur dít, wat DIE ANTIEKE HEBREËRSE ALFABET, reeds vir ons bewys het nie!

Wat ek nou gaan doen, is om dié korruptheid wat deur eeue se vertalings, en herskrywing van tekste en manuskripte ontstaan het, en wat reeds vir eeue, aan ons as Protestante voorgehou was as dié GODDELIKEWAARHEID, in geheel te ontbloot, sodat, nadat u hierdie spesifieke boek in sy geheel gelees het,

u in staat sal wees om self te besluit, of u hierdie boek met minagting in die asblik gaan gooi, en of u, YAHVAH, ons Elohim, sal dank vir dié grootste skat, wat u in u lewe ontdek het.

Soos wat ons nou met hierdie studie gaan vorder, is dít uiters noodsaaklik dat u, geheel en al verseker moet wees, dat u presies verstaan, wat ek met u bespreek het, voordat u na hierdie volgende hoofstuk beweeg. Om te verhoed dat hier enige twyfel by u ontstaan, stel ek as skrywer, voor, dat u eerder weer hierdie hoofstuk in sy geheel moet deurlees, want u het in hierdie spesifieke hoofstuk, 'n magdom van Goddelike Geopenbaarde Inligting bekom, wat heelwaarskynlik direk indruis, met die Godsdienstige manier hoe ons, ons lewe lank gewoond was om te glo, dié Bybel te lees, en dít te verstaan.

Dit is belangrik dat u baie noukeurig moet oplet, hoe sekere woorde in geheel met “Hoofletters” geskryf word, en hoe presies “dieselfde woord,” weer net met “Een Hoofletter” geskryf word. Onmiddellik wanneer u dít sien gebeur, sal u beseft dat dié woord wat met net “een hoofletter,” geskryf is, minderwaardig is aan dié woord wat alles met “Hoofletters,” geskryf is.

Ek gaan poog om so saaklik as moontlik te wees met verwysing tot sekere onderwerpe, maar vir my, as skrywer, is dít van kardinale belang, dat u ten volle ingelig moet wees, sodat u verseker kan wees dat dít wat u ontdek het, **VERSEKER GODDELIKE GEOPENBAARDE WOORD VAN YAHVAH, ONS ELOHIM IS.**

Terwyl ons dié Name GOD (ELOHIM), God (Elohim), HERE, Here, Jehova, Yahweh, Jesus Christus, Vader, Seun, Heilige Gees en vele meer gaan bestudeer, soos wat hulle in meeste “Engelse” en Afrikaanse Bybels voorkom, gaan u verseker in u gees geskok word, wanneer ek sekere nagevorste feite, met u gaan deel.

Alle inligting wat u in hierdie spesifieke boek lees “Is alles behoorlike nagevorste feite, en kan elkeen bewys word.” Kyk maar nét na die Bibliografie, agter in hierdie boek.

## **5. DIE VIER LETTER NAAM WAT NIE UITGESPREEK KAN WORD NIE**

Volgens Hoofstuk 5 sal u onthou het ek reeds vir u verduidelik, dat volgens DIÉ ANTIEKE HEBREËRSE ALFABET, was dié vier letters wat Elohim se naam uitgespel het genome “DIE TETRAGRAMMATON , ” of beter bekend in die Hebreuse se taal as “YHVH.” (Yod – Hei – Vav – Hei). Soos u reeds weet, kon die hoëpriesters van Israel nié hierdie VIER LETTER NAAM uitspreek nie, want dít het nié konsonante gehad nie. Later het Antieke Hebreuse geleterdes besluit, om twee konsonante by hierdie VIER LETTERS te voeg, sodat dit uitgespreek kon word.

Twee “A” 's word tot die vier letters YHVH (Yod – Hei – Vav – Hei) gevoeg, en dít vorm dan DIE TETRAGRAMMATON, EN DIÉ WOORD YAHVAH WORD GESKEP, WAT UITGESPREEK KON WORD.

Selfs in hierdie 21ste eeu, sal u vind dat meeste Ortodokse Hebreuse/Jode, verseg om hierdie ALLERHEILIGSTE NAAM YAHVAH, uit te spreek want dié eeue oue gevoel is, dat HIERDIE GENOEMDE NAAM TE HEILIG IS, om uit te spreek.

## **5. I DIE ONDERDRUKTE NAAM VAN YAHVAH**

Vir bykans 4000 jaar, verseg meeste Hebreuse Priesters wie die Tempel bedien, om HIERDIE ALLERHEILIGSTE NAAM YHVH, hardop of direk uit te spreek. Selfs in hierdie 21ste eeu, sal u vind dat meeste Ortodokse Hebreuse/Jode, ook verseg om hierdie SES LETTER NAAM YAHVAH, hardop uit te spreek. Vir eeue reeds word dié grootse respek getoon, wanneer YAHVAH, ons Elohim, aangespreek word, en daarom vind ons 'n verskeidenheid ANDER NAME, wat eerder gebruik word, in plaas van DIÉ ANTIEKE OORSPRONKLIKE HEBREËRSE NAAM YAHVAH, ons Elohim.

## 5. 2 DIE HEBREËRSE WOORD ADONAY

Waarom gebruik die Hebreërs eerder DIÉ NAAM “ADONAY,” in plaas van DIÉ GODDELIKE NAAMYAHVAH? Die gevoel het eeue gelede ontstaan dat DIÉ VIER LETTER WOORD “YHVH,” of eerder DIÉ TETRAGRAMMATON, NAAMLIK DIÉ NAAM YHVH, (YAHVAH) TE HEILIG WAS, om in die algemeen gebruik te word, en daarom was die woord ADONAY, in Dié Hebreuse taal geskep, om eerder gebruik te word wanneer daar, na YAHVAH, Die Skepper van hemel en aarde, verwys word.

Selfs in hierdie 21ste eeu, sal die Joodse Rabies eerder verwys na ADONAY, AS DIE NAAM YAHVAH.

Later in hierdie studie gaan u ervaar, hoe die GRIEKSE SEPTUAGINTA, 'n Rooms- Katolieke weergawe van die TORA, (naamlik die vyf boeke van Moses, naamlik die **PENTATEKS**), verander en vertaal was as die GRIEKSE VULGAAT, sodat die Hebreëse woord ADONAY, vervang kon word met die woord HERE. (Let op na die spelling, dit is alles “Hoofletters,” wat later weer vertaal was na Here, (Let nou op, dat hier nou net “een hoofletter,” gebruik word, en later word die woord Here, vertaal na GOD. Let op na die spelling, die hele woord word met “Hoofletters” gespel. Die woord GOD (ELOHIM), word weer later vertaal na die woord God. Let op, dat hier in die woord God (Elohim), weer net “een hoofletter,” gebruik word.

Selfs in ons 1933 Afrikaanse Bybel word die woord God (Elohim), meeste van die tyd met net “een hoofletter” geskryf. As u hierdie spesifieke paragraaf weer wil lees, sal u vind dat met elke herskrywing van die GRIEKSE (Rooms-Katolieke) tekste, dat DIÉ ANTIEKE HEBREËRSE GODDELIKE NAAM VAN YAHVAH, ons Elohim, net meer en meer afgewater word, na elke ander afgode god se gestalte.

Later in ons studie sê ek meer, met verwysing tot hierdie spesifieke korrupte onderwerp.

As skrywer, weet ek dat ek somtyds dieselfde ding oor en oor sê, maar daar is verseker rede hiervoor. Dit is uiters belangrik dat wanneer u Bybel lees, u moet oplet waar “Hoofletters” gebruik word, want dít gee verskillende beteken, aan 'n woord, of 'n onderwerp. Terwyl u my boek lees, kyk mooi wanneer ek “Hoofletters” gebruik, want dit maak 'n verskil, aan dít wat ons bespreek.

Kom ons kyk nou na die woord Elohim.

## 5. 3 DIE HEBREËRSE NAAM ELOHIM

Die woord “Elohim,” is 'n Hebreuse woord wat verwys na YAHVAH Dié Skepper van hemel en aarde. Die woord “Elohim,” word ook deur meeste Hebreuse Jode in 'n verkorte uitspraak gebruik, naamlik: “El.” Die woord Adonay, Elohim en somtyds El, word gebruik om DIÉ NAAM YAHVAH, eerder te versteek omdat soos

u reeds weet, DIÉ WOORD YAHVAH, eerder nié deur die Hebreuse/Jode uitgespreek word nie. Later in hierdie studie gaan ek presies vir u verduidelik, waarom ons naamlik die Bruid van YAHSHUA, die reg het om DIÉ NAAM YAHVAH, ons Elohim, uit te spreek.

In meeste “Engelse” en Afrikaanse Bybelvertalings, het die Bybelvertalings kommissies oor die wêreld dit reggekry, om die TETRAGRAMMATON naamlik die NAAM YAHVAH, geheel en al te vervang met woorde soos: “Here, God (Elohim),Yahweh, Jehova en vele ander,” sonder dat dié hedendaagse Christene eers bewus was dat daar, ANDER ANTIEKE GODDELIKE GEOPENBAARDE HEBREËRSE NAME BESTAAN!

In die volgende gedeelte van ons studie, gaan u ervaar hoe slu die satan en sy trawante was, deur sekere woorde wat uit “Hoofletters,” bestaan het na “kleinletters” te verander, sonder dat dié geoefende oog dit eers raak gelees het. Dalk was u een van dié wie onwetend, dít dalk nie raak gelees het nie.

#### **5. 4 DIE WAARDE VAN DIE VOLGENDE NAME**

Wanneer ek die Naam HERE, alles met “hoofletters” vir u skryf, besef u onmiddellik dat dit só verander was deur die Rooms-Katolieke kerk, om DIÉ GODDELIKE ANTIEKE HEBREËRSE NAAM VAN YAHVAH, te vervang. Wanneer ek vir u die Naam Here met net “een hoofletter” skryf, weet u onmiddellik dat die Rooms-Katolieke kerk dit só vertaal het, om DIE Godheid van YAHVAH, ons Elohim, verder aan te tas. Wanneer die naam “here”op die mans se toiletdeur verskyn, hoe verskil dít van die naam Here, wat die Rooms-Katolieke kerk, en ons eie Suid-Afrikaanse Bybelgenootskap, in al ons Afrikaanse Bybelvertalings in vertaal het? Omdat u reeds ingelig is met verwysing hoe hierdie verskillende name geskryf word, kan u ONMIDDELLIK dié verskil raaksien!

Dieselfde geld vir die woorde “GOD (ELOHIM), en God.” Die eerste woord GOD is alles “Hoofletters,” terwyl die tweede

woord God (Elohim), weer net met “een hoofletter” gespel word.

Veronderstel u luister nou na my, en ek noem die Name “Here, of God (Elohim),” hoe weet u wanneer ek dít in “Hoofletters of kleinletters” sê? Daar bestaan geen manier hoe u kan weet, hoe dít op my notas geskryf is wanneer ek dít sê nie. Dit is presies nét hier, waar die satan en die Rooms-Katolieke Bybelvertalers, die hele Christelike Godsdiens wêreld, aan die slaap gevang het. Die verskil tussen om te SIEN wanneer u lees, en om te HOOR wanneer daar gespreek word, is twee hemel breë verskille! Dit is eintlik baie eenvoudig. Wanneer ek met u praat, weet u nooit wanneer dit “Hoof of kleinletters,” is nie, en dít maak die verskil aan die “waarde” van wat gesê word, of wat gelees word!

#### **5. 5 IN DIE OU TESTAMENT IS DIÉ NAAM YAHVAH 7000 KEER VERKEERDELIK VERANDER**

In die Ou Testament in bykans elke Bybelvertaling in die wêreld, is DIÉ NAAM YAHVAH, ons Elohim, meer as 7000 keer weg vertaal na: HERE, Here, GOD (ELOHIM),God (Elohim),Jehova, (let op die letter “J” in die naam “Jehova,” wat ook NIE in DIÉ ANTIEKE HEBREËRSE ALFABET voorkom nie, en dit maak ook dié woord “Jehova,” geheel en al ’n Rooms-Katolieke vertaling). Jehova word weer vertaal na “Yahweh.” Net so min as wat daar ’n

**“J”** in die Antieke Hebreuse Alfabet bestaan, net so min bestaan daar ’n **“W”** in die Antieke Hebreuse Alfabet, en daarom is die naam **“Yahweh,”** ook een van die Rooms-Katolieke misleidende name, wat **DIÉ NAAM YAHVAH**, ons Elohim, geheel en al van **SY GODDELIKE GEOPENBAARDE KRAG BEROOF**, soos wat dít in meeste **“Engelse”** en Afrikaanse Bybels voortkom. Die maklikste manier om uit te vind of u Bybel korrup en verdraai is, is om **“voor”** in u Bybel te kyk, waar dit gedruk is. Elke Bybel het ’n jaargetal wanneer dit gedruk was. As die Bybels NA 1881 gedruk is, kan u verseker weet, dat die korrupte en verdraaide teks van Westcott en Hort, se Nestlé Aland teks vir die vertalings gebruik was, en daarom behoort dit u nié te verbaas, om al hierdie **NAAMSVERANDERINGE** te sien nie!

Daar is hoofsaaklik **nét vyf** Bybels, wat uit dié oorspronklike teks vertaal is:

1).William Tyndale Bybel.

2).1611 King James Bybel.

3).Lutherse Duitse Bybel.

4).Nederlandse Statebybel.

5).1933 Afrikaanse Bybel.

Hierdie vier genoemde Bybels, is hoofsaaklik uit die Textus

Receptus teks, van Desiderius Erasmus van 1522 vertaal. Selfs in van hierdie genoemde vier Bybels, is daar steeds Rooms-Katolieke invloede, en het sekere veranderings ongesiens ingesluip. As u meer ooral hierdie verskillende vertalings, manuskripte en tekste wil weet, stel ek voor kry my boek: *“Waarom ’n Vierde Afrikaanse Bybelvertaling?”*

In die volgende hoofstuk, gaan ons kyk na verskillende Bybelvertalings se verwysings na YAHVAH, ons Elohim, ook genoem God (Elohim), of Here.

## **6 VERSKILLENDE TITELS WAT YAHVAH BESKRYF**

Reg in die begin van hierdie spesifieke boek het ek vir u dié belangrikheid verduidelik van eienaam en u van. My eienaam weerspieël en gee gestalte aan my karakter, sonder dat ek dít werklik besef, en daarom is dít uiters noodsaaklik, dat wanneer ’n naam aan ’n kind gegee word, dat dit goed deurdink en deur bid is. Hierdie naam sal die res van sy/haar lewe, onlosmakend aan hulle kleef. Net by uitsonderlike gevalle is mense se name verander, soos byvoorbeeld. Saul het Paulus geword, nadat hy ’n Goddelike ontmoeting met YAHVAH, sy Elohim, gehad het.

In hierdie hoofstuk gaan ek vir u eers, **DIE ANTIEKE HEBREËRSE GODDELIKE GEOPENBAARDE TITEL OF NAME GEE**, en dan sal ek die hedendaagse naam, of titel, met Skriftuurlike bewys vir u aanhaal. Meeste van hierdie titels, en name, gaan u onmiddellik herken, en somtyds mag van hulle, geheel en al onbekend wees.

U sal vind dat sommige van dié titels, wat gebruik word om na YAHVAH, ons Elohim, te verwys, mag somtyds uit een of twee letters bestaan, en somtyds uit 'n hele woord of twee. Soos wat ons met die studie vorder sal ek elkeen aan u verduidelik.

In die Hebreeuse taal sal u vind dat daar meeste van die tyd na YAHVAH, ons Elohim, verwys as: "Elohim." Die woord "Elohim," wat "GOD" of voorwerp van aanbidding beteken, word ook somtyds in 'n verkorte woord gebruik, as: "ĔL," en verwys altyd na YAHVAH, ons Elohim, as 'n enkel "Persoon of eerder Gees," en nié na drie verskillende Gode, of persoonlikhede nie.

In hierdie gedeelte van ons studie, gaan ek heelwat "Engelse" verwysings gebruik. Die rede dat ek dit nié wil vertaal nie, is omdat ons verseker dan sekere "woord waardes" gaan verloor, en dít mag net nie gebeur nie!

## 6. 1 DIE WOORD: "ĔL."

- The title ĔL (God (Elohim), singular) occurs about 250 times. The first occurrence is in Genesis 14 verses 18 tot 20 and verse 22. "Most High – God (ĔL), possessor of heaven and earth."
